

HOOFSTUK II

TAALTOESTANDE AAN DIE KAAP TYDENS JAN VAN RIEBEECK SE VERBLYF ALDAAR.

§7. *Inleidend.*

Die gedagtegang in hierdie hoofstuk is ongeveer die volgende: Om 'n begrip van die maatskaplike en taaltoestande onder die eerste landverhuisers te kry, sal die geskiedenis geraadpleeg word. Dit vertel ons hoe intiem die omgang en hoe ongekompliseer die samelewing destyds was. Die klompie blankes het bestaan uit Nederlanders en nie-Nederlanders. (a). Die nie-Nederlanders het as kulturele en taalfaktor nie 'n besonder groot gewig in die skaal gelê nie weens die werking van die gewone psigo-sosiologiese faktore en omdat hulle getalle betreklik gering was. Daarby was hulle haas almal assimileerbare Germane. (b). Die Nederlandse koloniste kom uit verskillende dele van die stamland; deur die vryburgers se plek van herkoms te probeer nagaan, weet ons so ongeveer watter dialekgebiede die meeste van hulle gelever het. Die sewentiende-eeuse taaltoestande word in Amsterdams as 'n verteenwoordigende voorbeeld van die kragtespel geskets, en dan word gelet op enige verskille in die maatskaplike (en taal-) toestande in Amsterdam en Kaapstad. Hoe Nederlands aan die Kaap daar uitgesien het, weet ons eintlik nie baie presies nie, maar die *Dagverhaal*¹⁾ gee tog enige aanduidinge. Ten slotte word gewys op die blankes se omgang met die nie-blankes en die taalmoeilikhede in verband daarmee.

¹⁾ Ek hou my voorlopig aan hierdie naam, omdat die verwysings nog nie op die nuwe uitgaaf berus nie, aangesien dit nog onvoltooi is.

§8. *Algemene Raamwerk: Jan van Riebeeck se eerste vyf jaar alhier.*

Sedert die Portugese die Kaap die eerste keer omseil het, sal hulle, net soos die Nederlanders, Engelse en ander, 'n 150 jaar lank by die Afrikaanse suidkus langs verbyvaar of miskien soms net vlugtig hier aandoen, voordat 'n vaste nedersetting sal plaasvind; 'n 150 jaar daarop sal die blankes die land probeer mak maak en 'n Nederlandse kolonie hier vestig, gevolg deur nog 'n anderhalwe eeu wanneer Boer en Brit om die afsonderlike politieke voorrang sal stry en eindelik daartoe sal kom om die ondertussen onafhanklik-geworde en geunifieerde staat saam te regeer.

Ons kan terugkyk op 'n veelbewoë tydperk van 300 jaar sedert Van Riebeeck se landing aan die voet van die gryse ou Tafelberg. In hierdie tydvak het die koloniste se Nederlands eers Kaaps-Hollands geword, toe Laag-Hollands of Plat-Afrikaans, en is eindelik veredelen verhef tot 'n gevestigde kultuurtaal, uiterlik en innerlik gekenmerk deur 'n eieaard.

Die besluit van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie, 'n halwe eeu reeds in besit van sy oktrooi, om aan die Kaap 'n verversingspos te stig, het gelei tot die uitsending van Johan van Riebeeck. Die onderneming het van Amsterdam uitgegaan, al is dit namens die N.O.I.K. gedoen (dr. E. C. Godée Molsbergen: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, 1912, bl. 138), en die bedoeling was dat dit minstens selfbetalend moes wees. In werklikheid sal dit (behalwe in 1658 en 1660, albei in Van Riebeeck se tyd) jaar na jaar op 'n verlies uitloop. „Maar tot het einde van de Compagnie is de Kaap in geldelik opzicht een schadepost geweest” sê dr. Molsbergen (ald., 159). Gelukkig het hulle dit nie vooruit geweet nie, juis daar handelondernemings en liefdeswerk selde verenigbaar met mekaar was (en is), en op 6 April 1652 kon die drie vaartuigies in Tafelbaai anker werp. Op 8 April, 'n Maandag, het die ontskepingswerk in erns begin.

Die 34-jarige Van Riebeeck, in afwagting op 'n spoedige oorplasing met bevordering na Indië, het sy vrou, suigeling en twee niggies sommer direk saamgebring. Ook die tuinier Hendrik Boom, 'n ou man, het met vrou en kinders oorgekom, 'n vrou wat van 1655 af 'n voor-aanstaande rol as Antje de Boerin sal speel en ook 'n herberg en tapperie sal aanhou. — „Die Afrikaanse privaatboerdery het dus met 'n vrou begin,” sê dr. S. F. N. Gie in *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 1928, deel I, bl. 67).

Maar vrouens was onder die eerste klomp mense skaars. Hier moes manswerk verrig word: 'n fort vir verdediging en daarbinne hutte vir inwoning moes gebou word, 'n grag daaromheen in die harde grond gegrawe word, tuine aangelê vir die kweking van vars groente en vrugte, krale was nodig vir die vee deur ruilhandel van die Hottentotte verkry, vis moes gevang en hout moes gekap word, 'n seehoof opgerig (1656) en die kuste, riviere en nabygeleë land in kaart gebring word, vir standhoudende vars water moes gesorg word, ens. „Door het volk, sterk 116 koppen, moest juist zo biezonder veel worden gedaan!” (dr. Molsbergen, ald. 83).

Die klompie Kompanjiesdienaars het, deur omstandighede daartoe gedwing, in hierdie eerste jare oor die algemeen daaglik in noue aanraking met mekaar verkeer. Hulle was soos een groot huisgesin, het saam gewerk, saam geëet, saam gerus, saam pret beleef en swaar gekry en baie het mekaar waarskynlik op die voornaam genoem. By dr. Godée Molsbergen lees ons o.a.: „In den beginne waren de maaltijden aan allen die onder Van Riebeeck stonden verschaft alsof men nog op het schip was. Soldaten, matrozen en andere lage dienaren kregen van de Compagnie hun kost toebercid op vaste uren en gemeenschappelik werden de maaltijden gebruikt. De hogere ambtenaren, vooral zij die gehuwd waren, aten aan tafel met de Kommandeur . . .” (bl. 139).

Vanweë die wilde diere is niemand aangeraai om alleen ver ente van die ander weg te gaan nie, en teenoor die Hottentotte wat ook 'n gevaar kon wees, moes die

blankes sterk van hulle groepsgevoel bewus geraak het. Dit is alles feite van groot belang in 'n tyd toe die grondslag van ons taal op 'n nuwe bodem gelê is.

Die verblyf aan die Kaap het, indien nie vir almal nie, dan tog seker vir die grootste gros die aard van 'n tydelike dienstermyn alhier gehad. Aan kolonisasie is in hierdie jare nie gedink nie. Die Fort was net 'n uitspanning, 'n rusplekkie halfweg tussen Nederland en die ryk Indiese gebiede om deurgaande skepe daarheen of daarvandaan van die nodige aan kos, water en verpleging te voorsien. Dit was, in die woord van dr. Gie, 'n gewone, eensame beamptepos, gestig ter wille van die skepe, na wie se koms steeds gretig uitgesien is.

Die stigting van 'n vestingwerk was die voorvereiste vir die suksesvolle uitvoering van die hoofdoel: verskaffing van water, groente, vrugte, vleis, rus en vir siekes, verpleging. In die uitoefening van sy gesette taak het die opperkoopman, eers van 1654 af verhef in rang tot kommandeur, met allerlei moeilikhede te kampe gehad, nog verskerp deurdat die Here Meesters hom voortdurend aangemaan het om die koste laag te hou. Vir water en onderdak (eers in tente en houthutte, later ook in die Fort self) is vroeg voorsorg gemaak, maar die tuinbou en veeruil wou nie stabiel word nie. Plasreëns, die suidoostewinde, plaë en onvoldoende kennis van plaaslike tuinboukundige vereistes het dikwels noodtoestande geskep, en die verkryging van vetstertskepe en horingvee vir vleis het soms op niks uitgeloop nie.

Toe het Van Riebeeck begin dink aan die wenslikheid van indiwiduele, private boerdery, veral vir graanverbouing, in plaas van die „kolchos“-stelsel, en hy bepleit by Here XVII die uitreiking van regte aan kompanjiesdienaars as vryliede, waarmee in 1657 begin is. Dit lei 'n nuwe tydperk in en sluit die eerste vyf jaar af. Dr. E. A. Walker vat dit soos volg saam: „ . . . they (die dienaars) were under strict discipline and, during the first five years, there were neither free burghers nor slaves to complicate the issue” (*A History of South Africa*, 1935, bl. 34). Die 10 slawe wat wel reeds daar

was, vier in diens van Van Riebeeck, beskou hy prakties as van geen belang nie. Sy bewering bring die betreklike eenvoud teenoor later na vore. Daar was in die monsterrol van 1656, volgens dr. H. T. Colenbrander (*De Afkomst der Boeren*, 1902, bl. 124/5) die oudste wat bewaar is, (kyk Leibbrandt, *Precis III*, 283), 133 Kompanjiesdienaars, almal in of onmiddellik rondom die Fort gehuisves, d.w.s. in die Tafelvallei en tot aan Rondebosch, die grens van die beskawing (Gie, ald., I 167). Op 5 Franse na is hulle almal Germane, 103 daarvan Nederlanders en een 'n Vlaming. Hulle is in byna daaglikse omgang met mekaar, onder strenge toesig, saamgesmee in 'n soort van familieverband. Buite hierdie verband staan die Hottentotte en die besoekers van invarende skepe. Laasgenoemde skep kontak met die buitewêreld, veral met Nederland, van wie die Fortbewoners met vier maande per skip verwyder was. So vorm hulle in hierdie eerste vyf jaar 'n soort van geslote gemeenskap in betreklike afsondering geplaas. 'n Vaste predikant was daar nie (die kom eers 13 jaar na die landing) en 'n skool sal eers in 1658 vir die slawe ingerig word.

§9. *Jan van Riebeeck se tweede vyf jaar alhier — Vryburgers.*

Van Riebeeck het aangeraai dat Kompanjiesbeampies hulle ontslag kan kry om as vryliede, hoofsaaklik vrylandbouers, vir hulle hier neer te laat. Hulle kon dan deur private inisiatief sorg vir graan, groente, vrugte en vleis en help met die verdediging, maar hulle moes minstens tien jaar aan die Kaap bly, eindelik verhoog tot twintig en later afgebring na vyftien. Hulle sou dan „mettertjyt heel van Hollant afwennen ende eenemael van dese plaetse haer vaderlant mogen maecken” (dr. Gie, ald., bl. 68.)

Dit beteken inderdaad niks minder nie as dat die Kaap gekoloniseer moet word, dat die grondslag vir 'n permanente blanke besetting gelê word en dat die Nederlandse taal gekom het om te bly, ditsy dan ook ewentueel in aangepaste vorm.

'n Uiterlike teken hiervan is dat naas die monsterrolle

van Kompanjiesdienaars (met opgaaf van volle naam, geboorteplek, soort werk, traktement, ens.) ook 'n rol van vryliede bygehou moet word, die Vryboek, o.m. met die naamlys van plase en eienaars. Op 21 Februarie 1657 is twee sulke plase toegeken in die Liesbeekvallei, een aan 'n party van vyf man onder Harman Remajenne („Harmans Kolonie ofte Groenevelt") en een aan Stefanus Botma se party van vier („Stevens Kolonie ofte Hollandse Thuyn"). In 1657 is meer as vyftig vrybriewe uitgereik en elke jaar daarna het ander beamptes daarom aansoek gedoen.

Dat daar teen die tyd van Van Riebeeck se vertrek omtrent net sestig vryburgers (Gie, ald., bl. 71) in die Liesbeek-nedersetting was, hoewel in dieselfde tyd reeds 195 vrybriewe uitgereik was (dr. Molsbergen, ald., bl. 121)¹⁾, vind sy verklaring in verskillende faktore. Een daarvan was die manier waarop die vryboere aangewerf is, soos dit byvoorbeeld blyk uit Wagenaar se mededeling aan Huijbert de Lairese in 1662, die jaar toe hy van Van Riebeeck oorgeneem het. Hy sê onder meer: „den E. Riebeeck heeft in 't eerst uijt de passerende scheepen sonder onderscheijt gelicht en aen lant genomen een ijder een die maer daer om versoecken quaem, dunckende hem genoegh te wesen, wanneer slegts veel vrijelieden op 't landt setten con, de vereijtschte arbeit daerop souw als dan wel volgen, doch wanneer deselve naderhant waren te werck gestelt geweest, soo hadden nauwelijcx geweeten hoe een ploegh aentasten off een os daar voor spannen mosten . . ." (dr. Godée Molsbergen, ald., bl. 122).

Sommige was dus heeltemal onbekwaam vir die boerdery en het verkies om liever terug te gaan na die Kompanjiesdiens en 'n vaste maandgeld. Op een geleentheid het 42 beamptes en vryburgers met Sterthemius se retoervloot na Patria pad gegee (1659-1660). Dit was in elk geval geen maklike onderneming om destyds te wou boer nie. Gebrek aan ondervinding by party en aan

¹⁾ Leibbrandt gee 192 name (*Precis*, III 264 vlg.) en van 167 het Colenbrander die nasionaliteit kon aangee (ald., bl. 126).

werkkragte en gereedskap by almal het gehinder (daar was maar net een ploeg toe die eerste vrybriewe toegeken was); almal was in die skuld by die Kompanjie en geld moeilik om te maak en produkte om voordelig te bemark; daar was die bekommernisse oor die Hottentotte wat ontevrede was oor die vooruitsig van 'n permanente Europese nedersetting en oor die inbreuk op hulle tradisionele weivelde. Van Riebeeck vertel die volgende toe hy aan die vryburgers hulle plase aangewys het: „Herry ende den Vetten Capteyn met eenige harer principaelsten ons dus siende overal speculeren, ende horende praten van hier ende daer huysen etc. te maken (aloo se doch al veel van de Duytse tale cunnen verstaen ende spreecken) vraegden, als wij daer huysen wilden maken ende het landt breecken . . . waer sij dan wonen soudon” (by Gie, bl. 73).

In 1658-1660 was daar 'n soort van gewapende onenigheid wat die Eerste Hottentot-oorlog genoem word en in 1659 word drie buiteforte opgerig en 'n grensheining gemaak, in 1660 gevolg deur 'n ander heining van pale, bitteramandelbome en doringstruie aan die kant van die Liesbeekrivier, d.w.s. van waar Kirstenbosch vandag is tot aan Tafelbaaistrand. Dit was die eerste noord-oostelike grens van blanke Suid-Afrika. Die Kompanjie het self geboue langs die Liesbeekrivier opgerig, bv. 'n Groote Schuur vir sy graan.

Binne hierdie Kompanjiesgebied was die blankes veilig. Vee buite die omheining moes onder strenge bewaking van soldate geplaas word en Van Riebeeck het aan sy opvolger Wagenaar gesê (1662) dat dit gevaarlik sou wees om land buite die ingeslote kring aan vryburgers te gee. Die blankes is ook so gedwing om saam te staan en saam te woon.

Al hierdie faktore het belangrike maatskaplike en dus taalkundige betekenis. Die klompie vrylandbouers het bymekaar gewoon en is deur belange, bedryf en bekombaarheid op mekaar aangewese, sodat die verkeer onderling sterk en onafgebroke was. Verder was die vry-

burgers op die uitkykposte, landtogte en deur maatskaplike en besigheidsverkeer gedurig in aanraking met die dienende amptenare in en om die Kasteel. Op die politieke en burgerraad het vryburgers ook sitting gehad. Hulle het in hierdie tydperk prakties nog een groot gemeenskap gevorm, wel effens talryker en uitgebreider as vroeër en met uiteenlopende belange. In 1659 het Van Riebeeck trouens al begin onderskeid maak tussen vryburgers en „statsborgers hier bij 't fort" (Molsbergen, bl. 160). In 1659 was daar reeds in die Moederstad drie strate (die Olifant-, Reyger- en Heere-strate, vandag die Langemarkt-, Kortemarkt- en Kasteelstrate), in 1660 ook 'n vierde.

'n Belangrike punt van vooruitgang is dat die aantal huisgesinne toegeneem het. Dr. Godée Molsbergen berig hieroor o.m.: „Sommige Compagnies-dienaren hadden, toen ze vrij werden, hun gezin uit Holland laten overkomen, maar er waren aan de Kaap nog te weinig vrouwen . . . Dienstmeisjes, die met gezinnen van hoge Compagniesambtenaren mee naar Indië gingen, vonden dikwels aan de Kaap een echtgenoot . . . Soms trouwden ambtenaren aan de Kaap met zusters of dochters van predikanten, die de Kaap aandeden . . ." (ald., bl. 120). Volgens dr. Colenbrander se lys is daar in 1657 sewe Kaapse huwelike gesluit wat met kinders geseën was, en tot aan die einde van 1662 nog sewe (ald. bl. 20-21). Volgens die opneemrol van 1663 was daar in die jaar slegs 17 volwasse blanke vroue (Colenbrander bl. 119). Hier word dus familiële taalhaarde gestig wat in die vestiging van 'n taaltradisie van belang is.

Onder hulle was mense wat goed kon lees en skryf, al was die ander ook verteenwoordig. Dr. Gie meen die deursnee-burger aan die Kaap het in dié opsig net te sien gegee wat die toestand in Wes-Europa destyds was (ald., bl. 72). 'n Goeie voorbeeld daarvan by ons is die volgende. Toe die graanoes in 1658 ingesamel was, het die burgers 'n petisie aan die Kommandeur vir beter pryse voorgelê en hulle daarop beroem: „want wij de beschermers van ons landt sijñ." Sewe van die

veertien petitionarisse het hulle name met 'n kruisie geteken (dr. Gie, ald., 82) en ons weet ook dat ses van Van Riebeeck se twaalf „raedtspersonen” hulle name so moes aandui (*Dagverhaal I*, 243).

Om ons ter wille van duidelikheid voorlopig net tot die blankes te beperk, sal later gelet word op die verkeer met die Hottentotte gedurende die eerste tien jaar en met die slawe gedurende die tweede helfte van die Kommandeur se verblyf aan die Kaap.

§10. *Samestelling van die blanke bevolking in Van Riebeeck se tyd.*

Gedurende die eerste vyf jaar was die besetters almal Kompanjiesdienaars en almal mans wat saam gewoon het asof aan boord skip, met die voorbehoud egter dat eers twee mans en later nog 'n ses of sewe onder hulle vrouens by hulle gehad het. Die monsterrol van 1656 (Colenbrander, 125) bevat die name en geboorteplek van 133 beampes, van wie 103 uit Nederland kom, 1 uit Vlaandere, 19 uit Duitsland, 5 uit Skandinawië en 5 uit Frankryk. So naastenby is dus 10/13 Nederlands-Vlaams, 2/13 Duits en 1/13 van ander nasionaliteite, of, op 5 Franse na, almal Germaans. Die verhouding vir die vorige vier jaar ontbreek, tog is daar geen grond om te meen dat die Nederlandse element anders as numeriek verreweg oorheersend en origins toonaangewend was nie. Dit was wat taal en beskawing betref nagenoeg deur en deur 'n Nederlandse stigting met mindere by-elemente.

Van 1657 af was daar twee groepe: die garnisoens-besetting en die vryliede. Hoe die nasionaliteite onder eersgenoemde van 1657 tot 1662 verteenwoordig was, is nie vir elke jaar uitgewerk nie. Die sterkte van die garnisoen het trouens ook telkens gewissel. „Their strength varied, for Batavia was always apt to take away drafts, but usually van Riebeeck had anything from 70 to 170 men . . .” (Walker, t.a.p., bl. 42). In sy *Memorie ter Informatie* aan Wagenaar verklaar Van Riebeeck dat 120 Kompanjiesdienaars voldoende is en dat in tye van nood versterking uit die skepe verkry kon

word, ooreenkomstig bevele van die Here Meesters (Molsbergen, 170). In die jaar van Van Riebeeck se vertrek was die verhouding ongeveer die helfte Nederlanders, 'n kwart Duitsers en 'n kwart ander, volgens die berekening van dr. D. B. Bosman (*Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeeck in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* I, 1, p. 10). Deurgaans oorweeg die Germaanse element, en daarbinne weer die Nederlandse.

Die verhouding onder die vryburgers van 1657 tot 1662 het dr. Colenbrander (t.a.p., p. 126) ten opsigte van 167 uit die 195 name wat in die vryboeke voorkom, kon uitwerk. Dit gee 117 Nederlanders en Vlaminge (104 plus 13), 40 Duitsers en 10 ander, 8 daarvan Skandinawiërs, d.w.s. 70% Nederlanders en Vlaminge (62% plus 8%), 24% Duitsers en 6% ander, of op 1 Fransman en 1 Waal na almal Germane (— persentasies van dr. Bosman in TWK I, 1, bl. 10). Nogeens is die Nederlandse bestanddeel oorheersend in getalle, afgesien van hulle onaangestaste prestige en mag.

By 'n aanduiding van die verhoudinge onder die vryburgers moet op 'n bedenking gewys word. Die syfers as sodanig lyk na feite wat vas staan en duidelik praat — nogtans moet hulle met 'n groot mate van omsigtigheid bejeën word. Die persentasies hier genoem, word op die geval van 167 vryburgers gebaseer, maar toe Van Riebeeck vertrek het, was daar (die 15 vrouens en die 22 kinders nie bygereken nie) nog maar 39 manlike vryburgers — 39 uit 'n totaal van 195. Dus, ongeveer 'n vyfde het oorgebly om die tradisie voort te sit of om as taalfaktor van standhoudende belang te wees. Dié vyfde beteken taalkundig in werklikheid meer as die ander vier-vyftes wat deur desersie of her-indienstreding tou opgegooi het — deur desersie die land direk verlaat of deur nuwe indiensneming later na Indië of elders anders kon gegaan het.

Hoe die verhouding onder die klompie vastrappers was, is nie bepaal nie, maar dit is onwaarskynlik dat die Nederlandse bevolkingsdeel teenoor die ander hulle numerieke oorwig in hierdie tyd sou verloor het.

In al die gevalle waar uit persentasies gevolgtrekkings gemaak kon word, (om maar te ploeg met die osse wat ons het), het in hierdie tydvak een feit telkens na vore getree: ditsy onder die garnisoen (soldate en matrose), ditsy onder diegene wat vrybriewe ontvang het, die bevolking is byna uitsluitlik Germaans en binne dié gemeenskap numeriek oorheersend Nederlands.

§11. *Die Nie-Nederlanders as Taalfaktor.*

Watter waarde het die nie-Nederlandse persentasie as taalfaktor? Sekerlik nie in ooreenstemming met sy gewone matematiiese breuk nie. Prof D. B. Bosman het dit verduidelik deur te sê dat hier nie net getel moet word nie, „maar ook geweeg, want die sosiale posisie van een man kan as taalfaktor opweeg teen die numerieke oorwig van drie, en gesteld dat 'n groepie van tien koloniste bestaan uit vier Hollanders, twee Duitsers, een Belg, een Fransman, een Engelsman en een Deen, almal van gelyke stand en invloed, dan sou ek geneig wees om aan Hollands 80%, aan Duits 10% en aan die res tesame 10% taalinvloed toe te ken . . .” (TWK I, 1, 9).

Daarmee verduidelik dr. Bosman die mag van die psigo-sosiologiese faktore, altans die neigings wat dit te voorskyn kan roep. Voor hulle hulle aan die Kaap gevestig het, het die vreemdelinge Nederlands geken, hoe goed of hoe gebrekkig dit ook al was. Terwyl die Nederlandse regeerders alles in hulle voordeel gehad het, soos die inisiatief, die beurs, die mag van aanstelling en ontslag en van beleidsverklaring, het die vreemdelinge 'n nederiger rol te vervul gehad: hulle moes hulle aanpas, en goed aanpas. Op skip en in die handelsposte moes hulle, nie net in die minderheid nie maar onderling ook verdeel waar hulle uit verskillende nasionaliteite bestaan, vir hulle in taalsake rig na die in hegte eenheid verkerende meerderheid, d.w.s. na die Nederlands-sprekendes, wat bowendien in feite en in morele opsig deur die Here Meesters ten opsigte van die nasionale en kulturele integrasie onderskraag word.

So is 'n tradisie aan boord skip, in die Fort en in die

nedersetting geskep. Die taal en beskawing was Nederlands — die vreemdelinge het hulle taal waarskynlik hoogstens in die privaat gepraat as daar toevallig twee of meer landgenote bymekaar was. Eintlik het sommige vreemdelinge hulle taal met verloop van tyd grootliks afgeleer, selfs geleerdes. So 'n geval is dié van die Deense plantkundige J. A. Auge, van wie dr. Lichtenstein ons uit 'n later tydperk iets vertel (*Van Riebeeck-Vereeniging*, deel II, 167 e.v.)

Een rede vir die maklike opgaan in die nuwe nasionale groep is seker die swak volksgevoel wat nie militant kon wees nie. Werner Schmidt het in die *Mitteilungen der Akademie zur wissenschaftlichen Erforschung und zur Pflege des Deutschtums* 'n artikel gehad *Ueber den deutschen Ursprung burischer Familiennamen* (d. II, 1935, bl. 271 en v.). Daarin het hy kon aantoon hoe dit onder die sterkste groep vreemdelinge, die Duitsers, die algemene gebruik was om hulle voorname by indienstreding te verholands (273) en ook die vanne veelal te verander. As *Becker*, *Gräfe* of *Meier* in die monsterrolle voorkom as *Bekker*, *Greeve* of *Meijer*, kan dit die gevolg wees van die spelgewoonte van die sekretarisse van die Kompanjie, maar dié rede is al minder waarskynlik in gevalle van verandering soos *Koning* (uit *König*), *Maasdorp* (*Matzdorf*), *Reeder* (*Röder*), *Steijtler* (*Steudtle*), *Welgemoed* (*Woblgemut*) en *Zondag* (*Sonntag*), waarby hy kon aantoon dat die eerste draers hiervan wel uit Duitsland afkomstig was. Daarnaas staan die opsetlike vansverandering deur kundige penvoerders self, soos Hieronymus Kruse, die leier en beskrywer van vele landtogte, en die assistent Karl Albrecht Haupt wat hulle name onderskeidenlik teken as *J. Croes* en *C. A. Hoofd* (ald. 273). Hier is nie slegs omstandighede wat hulle gedwing het om hulle nasionaliteit af te lê nie, maar blykbaar was dit ook hulle begeerte, hulle wil. As sulke Kompanjiesdienaars ambisieus was, kon dit voordelig word om as Nederlanders te wil deurgaen, 'n eer te meer nog daar die Republiek destyds op die gebied van handel, seevaart, politiek, kuns en geleerdheid internasionaal toonaangewend was.

Die vryburgers van Duitse bloede met die vooruitsig om hulle hier vir goed te vestig, het hulle nasionale aspirasies ook seker kon laat saamval met wat in die nuwe tuiste die lewende waardes was.

Ten slotte is daar nog die stammoeders in Van Riebeeck se tyd. In dr. Colenbrander se lys verskyn net een Duitse stammoeder, en daar sy met 'n Duitser (Hans Ras) getroud was, *kon* hulle wel met hulle vier kinders 'n Duitse huisgesin gestig het, maar sou dit redelik gewees het? Veel militanter was later die volksgevoel onder die Hugenate; hulle was in verskillende huisgesinne gegroeper en het 'n taal gepraat wat bra weinig raakpunte met Nederlands vertoon het, vergeleke met Duits, en tog is hulle prakties in drie geslagte ten opsigte van hulle taal geabsorbeer. Met 'n verenkelde Duitse familie moes dit veel makliker gegaan het.

Sulke psigo-sosiologiese faktore wek die vermoede dat waar dr. Bosman in sy voorbeeldgeval die taalinvloed van 'n 60% nie-Nederlanders op 20% stel, 10% daarvan vir die 20% Duitsers, dit nog baie hoog lyk. Sou dit dubbel syfers bereik het? Prof. Kloeke voer verskillende bewyse aan om te toon hoe betreklik sulke berekenings is (*Herkomst en Groei van het Afrikaans*, Leiden, 1950, bl. 1-10).

Om saam te vat, ons kan stellig aanneem dat in die klein Kaapse samelewing van destyds die omgangstaal onder die klompie Kompanjiesdienaars en vryburgers prakties uitsluitlik Nederlands was (Bosman, TWK. I, 1, p. 11). Dat die taal van die nie-Nederlanders in wisselende graad van suiwerheid hulle vreemdelingskap kon verrai het, moet aangeneem word, met die opmerking daarby dat sulke vreemdelinge hulle dikwels juis met die ywer van proseliete daarop toelê om die bewyse van andersheid te oorkom en so volledig moontlik in die kudde op te gaan. Selfs die Hottentottin Eva het haar daarop beroem „dat se een Duyts (d.w.s. Hollandse) hart in 't lijf had” (*Dagverhaal*, 9 Nov. 1658). Aan die Kaap het die vreemdelinge hulle natuurlik gerig na die

Nederlandssprekendes daar. Hoe het hulle taal daar uitgesien?

§12. *Die Nederlandse element aan die Kaap tydens Van Riebeeck.*

Hoe die dialekte onder die Nederlandse amptenare verteenwoordig was, moet nog, indien moontlik en vrugbaar, bereken word. Onder die vryburgers van wie dr. Colenbrander die plek van herkoms kon vasstel, was uit die 167, 104 Nederlanders (62%). Dr. Bosman het hom dit tot taak gestel om na te gaan uit watter provinsies (aanduidend van die dialekstreke) hulle vandaan gekom het, en kry die volgende resultaat ten opsigte van 100 van hulle (d.w.s. sy syfers is persentasies): Suid-Holland 31, Noord-Holland 27, Utrecht 15, Overysse 7, Gelderland 6, Seeland 5, Noord-Brabant 4, Groningen 3 en Friesland 2 (ald. 12). Noord- en Suid-Holland tesaam het net onder die 60% gelewer, terwyl hulle tot 1712 tesaam amper 70% gemiddeld gelewer het (ald. 12), met Noord-Holland dan egter aan die spits. „Volgens die lys van vryburgers tot 1662 staan Amsterdam (11), Utrecht (9) en Woerden (5) bo aan. Uit die lys van stamouers tot 1712 is die posisie: Amsterdam (33), Middelburg (15), Utrecht (11), Leiden (9), Haarlem (7), Rotterdam (6). *Hiermee meen ek aan te getoon het dat die Hollands-Frankiese dialek as grondslag van Afrikaans moet aangeneem word.*” (Bosman, ald., 12-13; sy onderstreping). Immers, „as ons ’n sirkel beskryf met Gouda as middelpunt en Gouda-Amsterdam as straal, dan sou daarmee die gebied aangegee wees waaruit die meeste Nederlanders na Suid-Afrika verhuis het” (ibid., 12).

Verskillende tongvalle het (vir sover as die sprekers hulle gehandhaaf het) aan die Kaap (soos trouens reeds ’n vier maande lank aan boord skip) in ’n toestand van simbiose gekom. Onder die vryburgers (en waarskynlik ook onder die gewone amptenare uit wie die vryburgers getrek is) was die Amsterdammers as groep die sterkste. Dieselfde algemene oorwegings in verband met die

persentatiewe verhoudings soos gemeld by die Nederlanders en nie-Nederlanders as taaleenhede, geld ook hier ten opsigte van die Amsterdammers en nie-Amsterdammers.

Die Amsterdammers kon as enkele groepie in hierdie onderneming van die Amsterdamse Kamer die maklikste die toon aangegee het, want hulle kon betreklik verenig staan teenoor die ander. Immers, van die 81 stamvaders wat dr. Bosman tot 1712 onder die genoemde stedelike wyke kon tuisbring, was 33 uit die gebied van die groot handelstad, d.w.s. 41%. Hierby moet nog die stammoeders getel word, meestal afkomstig uit Amsterdam en Rotterdam. Hoewel die Amsterdammers in die verband van die geheel minder beteken (uit die 104 Nederlanders wat tot 1662 as vryburgers toegelaat is, was slegs 11 Amsterdammers), kan ons vlugtig let op die taal van die sterkste groep as 'n betreklike eenheid.

§13. *Aangaande Amsterdams en 17e eeuse Nederlands.*

Van die begin van die tweede helfte van die sestiende eeu af het die Spaanse oorloë onrus in Suid-Nederland verwek en Amsterdam, die Noord-Hollandse stadjie van see- en koopliede, het 'n snelle uitbreiding ondergaan en het vol geloof van Suid-Nederlanders, meestal uit Brabant. Hulle invloed op taal en kultuur was diepgrypend, want die aansien van sommige van hulle as geleerdes en leiers was groot. Allerlei veranderinge was met die aanvaarding van nuwe waardes besig om hulle te voltrek. In dieselfde jaar wat Van Riebeeck na die Kaap skeep gegaan het, skryf Vondel, die beroemde seun van Antwerpse ouers, o.a.: (Die beskaafde moedertaal) „wort tegenwoordig in 's Gravenhage, de Raetkamer der Heeren Staten, en het hof van hunnen Stedehouder, en t' Amsterdam, de maghtighste koopstadt der weerelt, allervolmaeckst gesproken, by lieden van goede opvoedinge, indien men der hoveling en pleiteren en kooplieden onduitsche termen uitsluite: want out Amsterdamsch is te mal, en plat Antwerpsch te walgelijck en niet onder-

scheidelyck genoeg. Hierom moeten wy deze tongen matigen, en mengen, en met kennisse besnoeien."

(a) *Die Volkstaal*.

Vondel praat hier van drie tale in die Amsterdams van 1651: die taal van die opgevoedes, ou-Amsterdams en plat-Antwerps, of, volgens die toon, van twee: (1) die beskaafde taal van die opgevoedes en hoër kringe, soms ontsier deur on-Nederlandse, d.w.s. veral Franse elemente, soos gebruiklik in die regspraktyk, die handel en in hofkringe, en (2) plat taal vol „mallighede” en „walghikhede.” In sy *Aenleiding tot de kennis van het verbeven deel der Nederduytsche Sprake*, geskryf tussen 1711 en 1719 toe die Kaap nog gevoed is met vryburgers uit Amsterdam, berig Lambert ten Kate o.a. soos volg: „Onze geboorte stad Amsterdam heeft een tweederhanden Tongeslag op vele woorden welker klemtoon op *aa* of *ae* dringt . . .” (I, 155) en die „lage Gemeente” maak ’n duidelike verskil tussen *ae* of *ée* van woorde soos *gaen*, en van *aa* in *zaak*, ens.

Hierdie aanhaling kom voor by dr. G. G. Kloeke: *De Amsterdamsche Volkstaal voorheen en thans* (1934), waarop hy vervolg: „Door deze mededeeling van Ten Kate wordt het nu verklaarbaar, dat verschillende Amsterdamsche dichters van dit onderscheid tusschen *aa* en *ee* goed op de hoogte waren, zóó goed, dat het mij niet gelukt is een enkele maal *ee* voor *ā* te vinden” (19). Op die vraag hoekom nie, antwoord dr. Kloeke self en sê dat die meerderheid van die 17de eeuse klugte nie in die suiwer volkstaal geskryf is nie, dog wel in die boektaal. „Maar selfs bij schryvers als Brederoo, die in *bun woordenkeus* het volk blykbaar veelal met sukses nabootsen, zal men zich ernstig moeten afvragen, of ze het met de consequentie in *de klanken* wel zoo nauw namen . . .” (20, my onderstreping). Dr. Kloeke meen dat *ee* vir lang *a* waarskynlik tot die „out Amsterdamsche malligheden” moes behoort het en toon aan hoe skrywers, in die poging om die plat *ee* te vermy, vir hulle selfs aan vreemde klankoordrywings te buite gaan en *leelijk* byvoorbeeld gaan verander tot *laliyk* in die rym.

So 'n kenner van die ou en huidige dialektestand soos dr. Kloeke, toe reeds besig met die in-kaart-brenging van sy gegewens vir die *Taalatlas van Noord- en Zuid-Nederland* (deel I verskene in 1939), wil hier aanneemlik maak hoe moeilik dit is om 'n goeie fonetiese beeld van die volkstaal uit die ou geskrewe bronne te kry, nie alleen om die ongenoegsaamheid van die skriftekens en die onderworpenheid aan die skryftradisie nie, maar ook deur opsetlike vermyding van sommige plathede. Die taalboekies help ons om die klankwaardes te benader, maar ook nie altyd nie. As ons in die 17de eeuse bronne herhaaldelik lees „dat de bewoners van onze oostindische archipel de *Maleitsche* taal spreken, dan is er geen sprake van een scherts, doch dan hebben we hier het bewijs, dat men in de 17de eeuw al moeite had met die klankverbinding *-ts*. Men zal dus toen al *Leische kaas* hebben gezegd voor *Leidsche kaas* en *mus* voor *muts*.” (22). Aan die einde konkludeer hy: „De Amsterdamsche taalgeshiedenis lijkt voorloopig nog een merkwaardige doolhof” (25).

Laat ons voorlopig die 17de eeu alleen en kom by die moderne tyd uit, dan bly daar genoeg probleme oor. J. Winkler praat van 19 verskillende dialekte in Amsterdam (*Algemeen Nederduitsch en Friesch dialecticon II* 86) en twee bladsye vroeër sê hy: „t is bij mij boven allen twijfel verheven dat de echte Amsterdammers van zuiver frieschen bloede zijn en als zoodanig ook friesch spraken.” 'n Ander dialekkenner, prof. J. te Winkel, het Amsterdams effens later as 'n Fries-Frankiese mengdialek ingedeel onder Utrechts, terwyl dr. J. van Ginneken dit in sy *Handboek der Nederlandsche Taal* (I, teenoor bl. 18) weer inkleur as Fries. Die Friese het die skerp uitspraak *sk*, *s* en *f* aan die begin van woorde teenoor die stemhebbende ekwiwalente in die Frankiese dialekte en in die Algemeen-Beskaafd. „Vele Amsterdammers” (Kloeke, 9) het egter ook die fortisuitspraak, en wel by die *s*, *f* en *g(x)*, presies soos in Afrikaans. As die uitspraak van hierdie klanke op rekening van die Friese gebring moet word, soos o.a. J. Winkler gedoen

het, dan sit ons met minstens twee inperkings in die moeilikheid. In die eerste plaas bly die skerp-*g* in die slag, want die Friese laat dit nie as 'n stemlose frikatief hoor nie, dog wel as 'n eksplosief, soos die *g* in *berge*. In die tweede plaas is daar, volgens dr. Kloeke, in die middel van die woord van verwantskap met Fries geen sprake meer nie; dan laat hulle die *g*, *v* en *z* stemhebbend hoor, by die *v* selfs veel sagter as in beskaafde Nederlands, terwyl die klanke in die taal van „vele Amsterdammers” nie net aan die begin van 'n woord nie, maar ook in die middel, net soos in Afrikaans, skerp of stemloos voorkom. Querido se skryfwyse beklemtoon dit ook in sy romans oor Amsterdam. Dit is 'n vraag of ons hier nie nog 'n taai „out Amsterdamsche” verskynsel het wat hom bly handhaaf het nie, m.a.w. 'n Ingwaenisme, en vandaar die raakpunte met Fries.

Hierby behoort die fortis *sk*. Hoewel nie in dié spelling in die sewentiende-eeuse klugte verteenwoordig nie, bewys dr. Kloeke (6-7) dat dit nogtans toe bekend moes gewees het; veel meer, dit was waarskynlik so algemeen verbreid dat die skrywers van klugte in die *sk*-uitspraak niks opmerkliks of lagwekkends gesien het nie en dit derhalwe doodgeswyg het, d.w.s. nie spesifiek as *sk* voorgestel het nie. Vandag leef die *s*+velare eksplosief nie meer aktief in Amsterdam nie (daar is dit nou *s*+velare frikatief *sch*), maar in Fries bestaan dit nog. „De Friezen worden uitgelachen, omdat zij *skip*, *skande* en *skoene* zeggen en geven zich nu alle mogelijke moeite om de *sch* aan te leeren. Maar bij vergissing zeggen velen nu ook *bioschoop* en ook zelfs *Willemschade* voor *Willemskade*” (22). Hier is 'n leersame aanduiding van hoe die stryd tussen stilistiese wisselvorme soms op 'n emosionele grondslag berus en die ondergang van een daarvan bewerkstellig word.

Hier was 'n tipegeval waar die fortisklanke *sk*, *s*, *f* en *x* in die sewentiende-eeuse Amsterdams, na ons aanneem, in gebruik was, en waarvan eersgenoemde plat geword het en verdring is, terwyl die res nog in die taal van vele Amsterdammers voortleef.

'n Ander „tipe” is waar die hele ou klankverskynsel ondergegaan het, byvoorbeeld die reedsgemelde *ee* van die „lage Gemeente” vir die lang *a* in woorde soos *eevend*, *bleeze*, *kweed*, *skeep*, *sleep*, *neeld*, (teenoor *avond*, *blaaze*, ens.). In Ou-Amsterdams was dit „plat,” maar in Engels word dieselfde palatalisasie anders gewaardeer (*even-ing*; *sheep*, *sleep*, *needle*).

Die volgende ontwikkeling verteenwoordig miskien 'n derde „tipe.” In die 17de eeu verskyn by Bredero en ander Amsterdammers herhaaldelik die spelling *allien*, *bien*, *diel*, *gien*, *biel* e.d. vir *alleen*, *been*, ens., dus alleen waar die vernoude *ie* teruggaan op 'n Ou-Germaanse *ai*, andersins bly dit *e*, bv. *nemen*, *eten*, *geven*. Die vernoude *ie* het in die Amsterdams van later verdwyn en het in uitspraak nagenoeg saamgeval met *e*, sodat uit twee rye slegs een bly bestaan het. Vandag is dit 'n kenmerk van gesproke Amsterdams dat *e* (en *o*) gediftongeer word, en *neme* en *ete* klink soos *neime* en *eite* (by *o*: *boufe* en *kouke* vir *bove* en *koke*). Dr. Kloeke, van wie ek feite en voorbeelde oorgeneem het, stel dit voor as 'n ontwikkeling van nà die 17de eeu (3).

Ten opsigte van Afrikaans blyk dit dat die eerste „tipe,” in Amsterdams slegs ten dele behou, by ons in sy geheel en alleenheersend voorkom; behoudens reste (*garneel*) ken ons, net soos Amsterdams vandag, die tweede „tipe” in die spesiale geval ook nie meer nie. In die derde „tipe” het die moderne Afrikaans en Amsterdams in aparte rigtings ontwikkel, of beter, het Afrikaans hom op die konserwatiewe standpunt gestel en het Amsterdams 'n latere afwykende evolusie deurgemaak (die Paarlse vernoude *ie* en gevalle soos *teiken*, *gemeinte*, voorlopig daar gelate). Hierdie stelling word herhaaldelik bevestig by die studie van ekspansiewe neigings van bepaalde klank- of ander taalverskynsels. Een ophelderende voorbeeldjie is miskien nie heeltemal misplaas nie. Terwyl Afrikaans hom hou aan die oorgeërfde *-ie*-uitgang by verkleinwoorde en hierin geen die minste spanning openbaar nie, is dit anders in streke van die stamland. „Het behoort niet tot de goede toon om *kassie* en *boekie*

te zeggen voor *kastje* en *boekje*. De strijd tegen deze „ordinaire” vormen is zoo sterk, dat men in Zuid-Holland en vooral in Den Haag nu ook spreekt van *poliesje* (politie) en een *porse ijs*.” (Kloeke, 22-3).

Dié klankverskynsels is 'n aanduiding van die beweeglike taaltoestande in die snel groeiende wêreldstad. Die toeloop van mense uit die nabygeleë plase en uit die ander dorpe, stede, provinsies en selfs lande (Suid-Nederland, Frankryk, Duitsland en Skandinawië) het gelei tot bevolkingsmenging. Die bevolkingsmenging het o.m. tot gevolg gehad taalmenging, sodat daar 'n norm van 'n jeugdige stadstaal opgekom het naas die konserwatiewer plattelandsdialekte met 'n meer aan plek en werk gebonde bevolking. Die toestand van gisting en herwaardering is in sekere opsigte verwant aan wat ons aan die Kaap sal aantref.

Tot hiertoe was daar hoofsaaklik (hoewel nie uitsluitlik nie) sprake van die gewone volkstaal in die stad Amsterdam. Soortgelyke toestande van roering deur bevolkingsbeweginge het ook in die taal van die ander Nederlandse stede geheers (bv. in Den Haag, Haarlem, Leiden, Rotterdam), natuurlik met graadverskille.

(b) *Die beskaafde taal.*

Maar nou kom nog 'n faktor by om ons beeld van die sewentiende eeuse taal ryker aan vervloeiende kleure te maak. Die behoefte aan 'n algemener taal het reeds lank bestaan, en in die Suidelike en Noordelike Nederlande het twee vorme daarvan om heerskappy gestry, totdat die historiese toeval die oorwinning aan die Noorde besorg het. Die magsontplooiing in die sewentiende eeu het die behoefte aan die ou Humaniste-ideaal vir 'n algemene beskaafde skryftaal sterk genoeg gemaak om tirannie te word. Deur dwang van binne af uit is spellingreëlins onderneem, is die grammatika in vaste, veelal willekeurige bane gelei en aan bande gelê, en orals was daar pogings tot ordening en vereenvoudiging. Naas die algemene skryftaal kom nou die drang na 'n beskaafde spreektaal en 'n beskaafde uitspraak, waarop die spelling- en spraakkunstige reëlins van die doelge-

rigte taalbouers (bv. by die vertaling van die Statebybel) groot direkte invloed gehad het, gesteun deur die norm-willende skool. „De richting, waarin dat nieuwe ideaal zich zou realiseren, werd in de allereerste plaats bepaald door *de wetten van de cultuurbouw*: het vermijden van uitersten, het streven naar zinrijkheid. De reeds gereglementeerde *Algemeen Beschaafde* spelling steunde die ontwikkeling, die wij bovendien *Opbouw* mogen noemen, omdat zij *bewust* geleid is door de grammaticischoolmeesters” (W. G. Hellinga: *De Opbouw van de Algemeen Beschaafde Uitspraak van het Nederlands*, 1938, bl. 361).

Daar was nog ander kragte. Nou bestaan langs mekaar die volkstaal en die kultuurtaal, soms ineen-, soms uiteenlopend. By uiteenlopendheid kan 'n toestand van spanning of selfs stryd geskep word tussen wat „plat” word en as beskaaf aanvaar is; of, waar 'n veelheid vir een en dieselfde funksie heers, kan een van die vorme die oorhand verkry of kan 'n kompromisvorm aansien erlang. Die beskaafde heldere *aa*-uitspraak het Nederlandse geleerdes baie laat rondtas na 'n verklaring van sy herkoms; Kloeke trek êrens die gevolg dat daarvoor voorlopig geen bakermat gevind kan word nie (*De Nieuwe Taalgids*, dl. 28, bl. 83), wat, beweer Hellinga, ons laat beland by dr. Te Winkel se opvatting dat die *aa* 'n „cultuurproduct” is (309), byvoorbeeld deur onderwys gestimuleer in aansluiting by die ooreenkomstige uitspraak in Frans en Latyn.

Tot dusver is, weliswaar te vaag en los, aangedui dat die sewentiende-eeuse Nederlandse taaltoestande nie alleen vlottend en veelkleurig was en in 'n interessante kragtespel bevange was nie, maar ook dat ons die toestand sleg en onvolledig ken. Nogtans hoef ons die moeilikhede hiervan ten opsigte van Afrikaans nie te oordryf nie. Ons weet uit dr. Bosman se studie dat die Hollands-Frankiese dialekte die grondslag van Afrikaans vorm. Wat die klankverskynsels betref, sal ons die Afrikaanse ooreenkomste byna altyd kan vasknoop aan ditsy die Nederlandse Beskaaf (waarvan die invloed nie gering is

nie en dalk onderskat is), ditsy aan een of ander dialek of meer dialekte van die sewentiende eeu, gewoonlik uit die Hollands-Frankiese gebiede. Met die erfgoed in die leksikografie en sinsbou is dit heel in die algemeen ook waar, al moet ons dit goed rekbaar stel, sowel as by die vormleer, daar die rekbaarste miskien.

Die vernaamste taak van die taalgeskiedkundige is om in Afrikaans die feite te inventariseer en (liefs daarna) die prosesse bloot te lê, tenminste waar hy dit meen te kan doen. Voor dit enigsins bevredigend gedoen kan word, is nog veel voorstudie nodig, en hierby sal dialekaarte van die sewentiende eeuse Nederlands en van die huidige taalgebeure by ons en in die stamland dienste kan bewys (vgl. prof. S. A. Louw en prof. Kloeke se geskrifte).

§14. *Wysiging in 'n paar faktore aan die Kaap.*

(a) Reeds aan boord skip, maar veral aan die Kaap was in 'n hele paar belangrike opsigte die sosiale struktuur aanmerklik anders as byvoorbeeld in Amsterdam. Een daarvan is ten opsigte van die familiekring as faktor van taalbehoud. Dr. Kloeke deel o.a. mee: „Het is een bekend verschijnsel, dat oude dialectvormen het langst blijven leven in de intieme huiselijke sfeer, in het vertrouwde gesprek, bij liefkoozingen, of in het algemeen, wanneer men zijn gevoelens de vrije loop laat” (*Amst. Volkstaal*, 17).

Om die twee of so uitsonderingsgevalle buite rekening te hou ten einde die kernsaak nie onnodig te vertroebel nie, kan gesê word dat daar geen geordende, normale huislike kringe gedurende die eerste vyf jaar was nie, en onder die vryburgers voor 1662 weinig genoeg. Dié feit beteken 'n ondergraving van die behoudende kragte, d.w.s dit skep gunstiger kanse vir die ingang van nuwe ontwikkelinge.

(b) Eweso werk 'n ander faktor: die afwesigheid van gemarkeerde standsverskille van belang. Geen hoogheids- of geleerdheidsvertoon sou hier in die gemeenskappie van 'n klein anderhalf-honderd pioniers in 'n nuwe land en teenoor 'n andersoortige outogtone bevolking sinryk

gewees het nie (hier was ander eienskappe in aanvraag!) en die Kompanjiesdienaars wat vryburgers geword het, was veral standsgelyke boere. Die klein, betreklik ongedifferensieerde gemeenskap het die geslotenheid en gelykheid in die hand gewerk. Daardeur het die sterk bewussyn van kultureel aktiewe hoë kringe verval. Want wat beteken Van Riebeeck, die sieketrooster, die sekretaris en 'n paar ander in hierdie struktuur — mense wat almal self uit die volksklasse voortkom? Daarmee was ook die spanning tussen beskaaf en plat waarskynlik nie so straf nie.


(c) Die betreklike eenheid van taak en die aard van die nedersetting het, as 'n derde faktor, meegebring dat die Kaapse samelewing noodwendig aansienlik ongekompliseerder was as in Europa. 'n Groot menigte beroepe en bedrywe byvoorbeeld is nie beoefen nie en handelsartikels nie vervaardig nie, maar ingevoer. Dit beteken o.a. dat die woordvoorraad en segswyses in verband met 'n hele aantal taalkringe onvrugbaar geword en dus geleidelik geheel of gedeeltelik in onbruik geraak het, by. in die werk van die drukker, munter, skeepsbouwer, bosbouwer, goud- en silwersmede, horlosiemaker, tabaksbewerker, wewer en vlaswerker, klompemaker en vele meer.

(d) 'n Vierde faktor is die voortdurende onderlinge verkeer deur samewoning in en om die Fort. Waar die ander drie faktore grootliks negatief gewerk het, is die laasgenoemde veral positief. Immers, dit het, deur vermyding van wat uitsonderlik in spraak was en die kweking van wat aanneemlik en sinryk was, geprikkel tot die soeke en vinding van 'n eie norm, en heel in die algemeen, tot aanpassing.


(e) Die oorplasing na 'n nuwe land, nog 'n belangrike positiewe faktor, het sy bepaalde eise vir aanpassing by die afwykend kenmerkende hier gestel, soos by die benoeming van sekere plante en diere.

Dat deur die werking van hierdie en dergelike faktore veranderinge in een of ander graad gaan intree, is wat ons kan verwag indien die sewentiende-eeuse Nederlandse taalvorme (dialekties en algemeen-beskaafd) 'n geruime

tyd aan die Kaap gebruik gaan word, soos gebeur het. F. de Saussure teken 'n figuurtjie om grafies voor te stel hoe taalverskynsels met verloop van tyd op verskillende maniere evolusioneer. Hy het nie presies in gedagte gehad die oorplanting van 'n taal nie, maar die strekking geld ook hier en sy veraanskouliking daarvan kan miskien met klein aanpassinkies as hulpmiddel gebruik word. Die verloop, sê hy (*Grundfragen der Allgemeinen Sprachwissenschaft* 214), vind nie so plaas nie:



maar eerder so (215):



Anders as A, wil B probeer om die werklikheid te benader. By taalverskynsel 1 het daar met verloop van tyd uitbreiding plaasgevind, by 2 inkrumping, by 3 analise deur opsplitsing, by 4 en 5 saamsmelting in 'n nuwe mengproduk; 6 het, anders as 2, reeds heeltemal verdwyn en 7 is 'n nuwe aanwys, byvoorbeeld die benoeming van 'n resente begrip.

Die nuwe omgewing met sy inheemse volksgroepe en hulle leefwyses, met sy plante en diere en bodemgesteldheid en dergelike kenmerke sal noodwendig tot taalaktiwiteite geprikkel het, bv. die behoefte aan naamgewing geskep het waaraan voldoen is by wyse van ontlening, komparatiewe oordrag, aanpassing of nuutskepping. Hieroor later meer.

Daarby kom die blanke intrekkers se eie besondere omstandighede. In hulle omgang sal die seemans- of skeepstaal aan die begin sterk gewees het. So lees ons terloops by Mentzel: „Every ox is given a name, and one hears continual shouts of the driver e.g. „*Stuurman bot! Bootsman haar!*”” (VRV XXV 201). Die os wat hier ’n ander rol vervul as in Europa, kry teen 1740 nog name wat aan die seemanslewe herinner, soos uit hierdie skaarse geval van osname blyk. (Het *Bootsman* (*Boosman*) nie later met *Boesman* as osnaam saamgeval nie?). In die beginjare sal die inwerking van die seemanstaal vir die bestendiging van uitdrukkings e.d. en as kreatiewe faktor nie gering gewees het nie; dit was in elk geval ’n lewendige sfeer. Die Nederlandse seemanstaal sal ’n dankbare onderwerp vir grondiger studie vorm as tot hiertoe gedoen is, en daaruit kan moontlik begryplik gemaak word hoekom Nederlands in twee wêrelddele soms aparte weë ingeslaan het. Dit merk ons bv. by ’n paar vrugtenaam op. Bekend met die *lemoen* van die Argipel, word die Maleise naam hierheen oorgebring en hier bestendig, terwyl Nederlands aan *oranje-* of (liewers) *sinaasappel* hou. Van Riebeeck skyn nog verskil te maak tussen *orangie appelen en lemoenen* (*Dagverhaal* II 16). *Soetlemoen* is letterlik die Maleise *limau mânis* (Swettenham *Vocabulary* i.v.), en dit maak die pad oop na *suurlemoen* (Ndl. gewoonlik *citroen*). *Lemoen* was ’n baie algemene en breë soortnaam („*limau, a generic name for oranges, limes, lemons, etc.*”, by Wilkinson *A Malay-English Dictionary*), en die „verwarde” uitbreiding tot *waterlemoen* naas *watermeloen*, ’n Oosterse gewas, ook genoem *Indiaensche* of *Indische meloen* (WNT s.v. *meloen*), het al voor 1652 in die seemanstaal plaasgevind (Boshoff, *Volk en Taal* 194).

Dr. Scholtz wys nog hoe ons gebruik van *seekoei* in ooreenstemming met die koloniale Nederlands is, in afwyking van wat in die stamland gewoon is, waar *seekoe*, soos *sea cow* en *Seekub*, ’n *Sirenia* aandui, d.w.s. ’n walvisagtige, plantetende soogdier. Hierdie soort woorde het blykbaar nog dikwels ’n onvaste omlyning gehad,

sodat verskuiwings soms plaasgevind het. 'n Walrus is voor en in die vroeë sewentiende eeu bv. aangedui met *zeebors* (VLV XXIII 68), *zeeleeuw* (ald. IV 107), *zeelifant* (VIII 91) en veral *zeepaard* (VIII 53); 'n rob met *zeebond* (IV 182) of *zeewolf* (VII krt. 1); 'n hippopotamus (of nijlpaard) met *seekoe* (IX 29) en *zeepaard* (V 244), en *seekoei* het, soos gesê, minstens 'n dubbele toepassing gehad. Van Riebeeck gebruik dit in die huidige Afrikaanse sin in sy *Dagverhaal* sonder nadere verklaring, sodat dié betekenisgebruik reeds algemeen moes gewees het. In al hierdie en dergelike gevalle het Nederlands in Kaapland 'n seleksie uit die bestaande moontlikhede gemaak waarby meer as eens die seemans-taal die bepalende faktor was. (Kyk ook verder).

By die omvorming van Nederlands tot Afrikaans sal hierdie kragte op verskeie gebiede vaardig wees, maar die beligting daarvan is nie so eenvoudig nie. Ons weet bv. nie hoeveel van die Nederlandse woordeskat onder die burgery meegebring is nie. Alles sal wel nie saamgekom het nie. Dit geld ook vir die dialektmateriaal, leksikologies, sintakties, sintagmaties, in uitspraakvariante e.d. Veel van ons beskouinge sal dus op waarskynlikhede berus en teoreties van aard wees. Nogtans wil ons probeer om 'n paar gesigspunte waarskynlik te maak.

§15. *Behoefte aan normalisering.*

Aanvaar ons vir doeleindes van bespreking die persentatiewe verspreiding van die vryburger-koloniste voor 1662 oor die Nederlandse provinsies soos deur dr. Bosman bereken, as redelik verteenwoordigend van *al* die Nederlandse inkomelinge in Van Riebeeck se tyd, dus ook van toepassing op die amptenare, dan het Noord- en Suid-Holland elk omtrent 30% gelewer, Utrecht 15%, drie ander gemiddeld 6% elk en die orige drie gemiddeld 3% elk. Watter waarde het dit vir ons kennis van die vroeë taaltoestande? Dit kan met twee voorbeelde van doodgewone woorde uit *Kloeke se Taalatlas* aanskoulik gemaak word. Al is die besonderhede nie meer presies

dieselfde soos in die sewentiende eeu nie, bly die strekking wel in hoofsaak houdbaar.

Kaart 3 van deel I, afl. 4 toon die benaminge van die liggaamsdeel *rug* in die volgende 24 wisselinge (Suid-Nederland ingesluit): *rug, rugge, ruk, rukke, ru(h)e, ruw, ruug, ruuk, reug, reuge, reuk, rog, rogge, reg, regge, rek, rig, rigge, rik, rieg, drug, drugge, drig, drieg*. Begrippe wat gedurigdeur tot uitdrukking in die veeruil en later in die boerdery moes gekom het, was dié in verband met skape en beeste. Hiervan het dr. Kloeke 'n hele paar kaarte; kaart 3 in I, 3 bring die aanduiding van die moederskaap in beeld en daarvan kry ons die volgende 59 wisselvorme en -name (met inbegrip van dié van Suid-Nederland): *ooi (oai); booi, ooie, ooike, ojke, oo(w), oo(w)e, ooke, oe(i), (h)oeë, oe(j)ke(n), ou(w) of au(w), ouwe (auwe), ouwke (auke), òw, eu(i) of ùj, beu(j), euke, eu(j)e of ùjje, beuje, eujer, ui, uie, (ye), ei, a(a)i, tipe schaap, melkschaap, 't oude schaap, oonschaap, kweekschaap, lammerschaap, moederschaap, schaap(e)moere, moere, schape-moer, moer, moeier, moj(j)er(schaap), meui- of muier-(schaap), germ, girm, garm, beite, beit, bête, bette, bedde(ke), betje of bet(teke), deef, dof of deuf, tou(w)ke, lijst of lais(t), oonlijst, lois(t), la(a)m, lem(me), mieke(n) of moe(tje), mok(kel)*.

Neem ons argumentshalwe aan dat selfs maar 'n kwart van die vorme of woorde in die sewentiende eeu nog so in Nederland gehoor is en met oorplanting weer omtrent die helfte daarvan so onder die klein Kaapse gemeenskappie van Van Riebeeck sy spreker(s) kon gehad het, dan sal erken word dat dit verwarrend moes gewerk het. Dit is selfs bonter as in 'n dialekstreek ooit moontlik kan wees, want behalwe in menggebiede ken 'n dialekstreek ten opsigte van 'n enkelvoudige en ongenuanseerde begrip in die reël een gebruiklike vorm en uitspraak. Al lyk hierdie wisselvorme veel as die hele taalgebied van Nederlands oorsien word, is hulle in hulle onderskeie dialekgebiede óf naastenby alleenheersend óf in die menggebiede in 'n stryd met ander bevange om alleenheersend te word. Ook die taal is immers, soos alle ander kultuuruitinge,

„gemeinschaftsbedingt,” en die gemeenskap soek doeltreffendheid en sinrykheid (Hellings). Uit die vele woorde, vorme of uitsprake van bv. *ooi* waar in ’n onge-nuanseerde gebruik ’n enkele doeltreffend in ’n klein gemeenskap sou gewees het, sou die Kapenaars noodwendig ’n keuse moes gedoen het. Dit is egter geen blinde seleksie nie, eerder ’n onwillekeurige eleksie, d.w.s. daar sal met uiteenlopende en selfs botsende waardes rekening gehou wees.

Uit die verskeie faktore wat bepaal watter woord of vorm uit die vele gekies word, kan ’n paar genoem word.

(a). Frekwensie van sekere woorde of vorme, wat werklik beteken, aantal sprekers wat dit gebruik. Aangesien die sprekers uit Noord- en Suid-Holland in die meerderheid is, sal hulle vorme onder die bewoners van die Tafelberg- en Liesbeekvalleie die meeste gehoor word, veel meer as dié van Utrecht of die ander provinsies waar hulle verskil. Dit sal die Hollandse vorme deur veelvuldiger herhaling en dus deur groter vertrouwdheid dieper laat inslaan en kan dit as die algemeenste laat geld. Is die frekwensie aan die ander kant laag, soos in die geval van moontlike kenmerkende woorde of vorme uit Gelderland, Overijssel of Groningen, kan daardie vorme as uitsonderlik of vreemd aan gevoel word; dan sal hulle vooruitsigte om die oorhand te kry, gering wees. Sulke *rug*-vorme uit streke wat nie veel sprekers gelewer het nie, is bv. *rog*, *rogge*, *reug*, *reuge*, *ruk*, *rukke*, *ruw* en *ruuk*, om net by die pasgenoemde drie provinsies te bly. Daarteenoor verskyn *rug* vandag oorheersend in Suid-Holland, die suidelike deel van Noord-Holland (insluitende Amsterdam) en in Utrecht, terwyl dit in die meeste ander dialekgebiede ook gehoor word, soms dikwels, soms selde. Dit het (vir sover dit die 17de eeuse toestande weerspieël) sy bestaanskanse verhoog. Hoe groter die aantal wisselvorme, hoe sterker die behoefte aan normalisering natuurlik sal wees.

(b). Beskaaftheid en platheid. Plat vorme skep spanning en dit veroorsaak, soos dr. Kloeke aangetoon het, gewoonlik ’n uitbreiding van die beskaafde vorm ten

koste van die ander mededingers. Aan die Kaap was hierdie mag in die begin waarskynlik veral afhanklik van die skryftaalnorme soos in die Bybel en stigtelike lektuur aangetref is (vgl. §§ 42-44 in C.G.N. de Vooys: *Gesiedenis van de Nederlandse Taal*) of in hulle briewe probeer beoefen is. Dat die voorbeeld van Amsterdam en die ander kragbewuste Wes-Hollandse stede hierby meegepraat het, lê voor die hand. Bewyse uit hierdie afdeling is later makliker te gee (*hart, swaard, waardig, teenoor perd, regverdig*).

Daar was egter ook 'n „tuisgemaakte” platheid as uitvloeisel van die omstandighede. Wisselvorme wat op lae frekwensie berus het en dus selde gehoor is, word gewoonlik op grond van die vreemdheid as uitsonderlik en „wild” gewaardeer, m.a.w. word as plat afgewys. By kultuurbou, sê dr. Hellinga, word uiterstes vanself uitgeskakel. By *rug* sal dit geld van vorme soos *reug(e)*, *rieg*, *drug(ge)*, *drig* en *drieg*.

(c). Ondubbelsinnigheid. As party wisselgevalle saamval met woorde wat heeltemal 'n ander betekenis oproep, kan dit tot onnodige dubbelsinnigheid aanleiding gee en sal sulke vorme makliker in die slag kan bly. By *rug* is te dink aan: *rog(ge)*, *reg*, *rek*, *ruk*, *reuk*, almal woorde wat toe gedistanseer was en waarskynlik reeds elkeen 'n eie gebruik geken het. Daardie botsing kon afwysing van die wisselvorme aangehelp of selfs bewerkstellig het, d.w.s. 'n ontwikkeling begunstig het in die rigting van meer ondubbelsinnigheid en skerpte.

(d) Nadruklikheid. Waar alles gelyk is behalwe dat 'n vorm of funksie voller en sterker is as 'n ander, lyk dit of in bepaalde gevalle voorkeur aan die nadrukliker variant gegee word; Afrikaans laat 'n mens altans vermoed dat dit by die keuse by ons dikwels so moes verloop het. Die Afrikaanse persoonlike voornaamwoorde ken haas alleen die voller vorm, soos *ek* (*ekke*), *my* (nie *me* nie, behalwe in versteninge soos *almelewe*), *jy*, *by*, *sy* (en nie ook *je*, *ie*, *ze* nie), *julle*, *bulle* e.m. Meurant se Afrikaans bv. is ryker aan nadrukliker vorme. Vergelyk verder *die* (geen *de* nie), *bierdie* en *daardie*, ens. Die beklem-

toning van die aspek het moontlik meegewerk dat die imperfektum geatrofeer het deur die sterker nuansering van die perfektiewe vorm. Baie opeenstapelings, doeblette, verdubbelings (*gou-gou*) en kernomringing deur temporale, modale, ontkenings-, bewegings- en vergelykingspartikels wys ook in die rigting, sowel as sommige analitiese middele.

Al die „gemeinschaftsbedingte” faktore het in die geval van dialekmenging aan die Kaap in ’n sekere koers beweeg, nl. van normalisering. Die *Taalatlas* bring die bewys hoe ryk die Nederlandse taalgebied is aan (a) uitspraakwyses en vorme van een en dieselfde grondwoord (vergelyk die 32 vorme van *ooi*), en dikwels aan (b) meer as een streekbenaming vir een en dieselfde begrip, selfs uit die alledaagse lewe, soos vir *ooi* (grondwoorde: *ooi, moe(de)r, germ, beit, deef, lijst, lam, mie*). In die groot stede, in druk verkeersgeleenthede en op see het onderlinge betrekkings bepaald reeds ’n aantal hiervan (as hulle destyds saamgebring was) ooreenkomstig faktore soos die genoemdes laat uitval, maar aangesien die taal in die enkeling gewortel is, sal wel ’n ryk verskeidenheid nog in die Kaapse gemeenskappe aanwesig gewees het. Die dialekmenging hier sal sy gang na progressiewe eenvormigwording verder gaan. Alleen moet in ag geneem word dat die intieme daaglikse verkeer, die afwesigheid van ’n sterk gesinslewe en van noemenswaardige standsverskille, en die betreklik eenvoudige kulturele struktuur bevorderlik was vir die versnelling van die proses van kulturele integrasie en van taalvereenvoudiging soos op die wyses deur De Saussure genoem, en wel in ’n dubbele rigting: vinding van ’n sinryke norm, verlies van wat ballas word.

§16. *Tempo en Terreine.*

Dr. S. A. Louw, aan wie se studie ek menige prikkel vir die voorgaande beskouinge te danke het, verwys in sy *Dialekvermenging en Taalontwikkeling* na die kwessie van tydsverloop. Hy noem die navorsing van V. Schirmunski, G. Dinges e.a. oor die proses van gelykmaking waar

verskeie dialekte in verwyderde nedersettingsgebiede meng, en dan blyk uit die waarnemings dat 'n toestand van nuwe eenvormigheid na 'n honderd of honderd en vyftig jaar kan ontwikkel (bl. 24, 30). Die ontwikkeling begin natuurlik dadelik sodra die dialeksprekers 'n groep uitmaak wat op mekaar aangewys is, en dit kom tot betreklike kalmte sodra 'n toestand geskep is wat die normale benader, dus wat na aan eenvormigheid kom.

Dit word wel nie op alle terreine gelyktydig bereik nie. Die eie artikulasie- en intonasiebasis raak waarskynlik die vroegste tot vastigheid ('n bewering wat nie gedokumenteer kan word nie en slegs 'n persoonlike afleiding is). Analogie tree in die vormleer veral sterk op waar die verskille en afwykinge opvallend is. „Onbelangrike of onopvallende verskille, waarvan die sprekers nie baie duidelik bewus is nie, en veral waar dit min of meer geïsoleerde gevalle geld, d.w.s. gevalle van leksikologiese aard, wat nie . . . in die een of ander kategorie of analogiegroep val nie, kan betreklik lank min of meer bly voortbestaan” (Louw, 25).

By die uitskakelinge en gelykmakinge in die vorm- en woordleer, by die verkryging van 'n eie artikulasiebasis en algemene uitspraak, kom andersyds ook die aanpassinge by wat die omgewing en omstandighede nodig maak.

Dit kan soms op 'n dwaalspoor lei en is daarom gevaarlik om sonder meer konklusies wat uit een stel gegewens volg, op 'n ander te projekteer. Ons toestande moet opnuut en selfstandig ondersoek word as iets eiesoortigs. Maar ons moet ook ons profyt doen met wat te lere val uit omstandighede wat met ons toestande raakpunte vertoon.

In Van Riebeeck se tyd sal die prosesse van gelykmaking, uitskakeling en aanpassing al 'n aansienlike ent gevorder het. Hoever, moet voorlopig in die midde gelaat word, behalwe om die waarneming te herhaal dat die proses d  n die sterkste werk wanneer die behoefte aan normalisering die grootste is, om dan sowat piramidegewys dunner te word, en ons meen dat die behoefte, soos uit historiese oorweginge blyk, minstens in Van

Riebeeck se tyd so groot as ooit was. Dit wil sê dat die grondslag van 'n Kaaps-Hollandse variant toe noodwendig ten dele gelê moes gewees het, dat sekere neigings byvoorbeeld in die uitspraak, in die seleksie van woorde en vorme en wendinge, al te voorskyn getree en 'n mate van orde begin skep het.

Met die verkryging van orde kom ons by 'n basiese feit, dit is die kultuurfeit dat die gemeenskap vir sy gedagte-uiting nie alleen 'n hanteerbare en doelmatige taaltoestand sal laat ontwikkel nie, maar ook, as daar 'n mate van orde bereik is, dit sal probeer handhaaf. R. Hönigswald wie se een gedagte al 'n keer of wat te pas gebring is, bewys (*Philosophie und Sprache*, 1937) dat „die Sprache gleichermassen gemeinschaftsbedingt und gemeinschaftsbedingend” is (my kursivering), d.w.s. dat die taalgroep nie alleen van binne uit skep en herskep nie, maar ook die verworwene deur kuddedrang verdedig en handhaaf.

Die opmerking is van belang ten opsigte van nuwe aankomelinge met meegebragte dialektneigings uit die vaderland en van vreemdelinge wat met die Kapenaars in gedagtewisseling wil bly. Die plaaslike standaard is wel geen konstante faktor nie, nogtans is dit van groot belang.

Hierdie wysiginge sien ek nóg nie as *struktuurverandering* nie. Dit tas nog nie die *karakter* van Nederlands aan nie; Nederlands bly sy aard getrou terwyl dit hom in ooreenstemming daarmee van die onrus wil bevry wat deur baie variante in uitspraak, intonasie, woorde vir dieselfde begrip, ballas van verouderende woorde, spanning tussen plat en beter e.d. veroorsaak word.

§17. *Familie-, Voor- en Plekname.*

Nou kan op meer konkrete voorbeelde uit die taal gelet word. Dr. J. du P. Scholtz stel met betrekking tot plant- en dierbenaming vas: „As ons op die getuienis van die bronne kan afgaan, dan kan een algemene gevolgtrekking veilig gemaak word, nl. dat verreweg die meeste name wat in die eerste vyftig, sestig jaar van die Kolonie gegee is, van Nederlandse herkoms is...”

(*Uit die Geskiedenis van die Naamgewing aan Plante en Diere in Afrikaans*, bl. 16). Dit is in die algemeen bepaald ook van ander terreine waar. Die eerste koloniste het hier 'n klein Nederland kom aanlê en so goed moontlik oorgeplant alles waaraan hulle gewoon was. Een gebied waar hulle plaaslik nooit selfskeppend was nie (tensy dan soms in die geringe spellingwysiginge), is dié van hulle familienaam: al kon hulle nie almal skrywe nie, het hulle dit tog saamgebring.

In die 16de en 17de eeue het dit in Wes-Europa gebruiklik geword om 'n vaste, oorerflike familienaam te besit (oorspronklik heel dikwels 'n geografiese of adresnaam wat vertel *van*-waar 'n persoon kom, d.w.s. sy *van*). Dit was egter nie orals of altoos algemeen nie, en in Nederland was die Friese en Jode veral traag om die mode te volg en party van hulle moes daartoe deur die wet (1811) gedwing word. Prof. J. Verdam deel ons hieroor o.a. mee: „Eigenlijk dagteekent het tegenwoordige kenmerk, de vastheid en onveranderlijkheid, eerst uit het begin der 19de eeuw, van de invoering van den Burgerlijken Stand, toen de geslachtsnaam een staatsrechtelijk karakter kreeg. Vóór dien tijd heerschte op dit punt de grootst mogelijke vrijheid: men wist van de meesten zijner medeburgers waarschijnlijk niet eens, of zij een geslachtsnaam hadden of niet (sommige familiën hebben eerst in den tijd van Napoleon er een ontvangen of liever gekozen), en zoo men er al een had, dan was dit toch zeker niet de naam, waaronder men algemeen bekend was . . .” (*Uit de Geschiedenis der Nederlandsche taal*, bl. 132).

Dat die Kaap in dié opsig nie agterlik was nie, blyk daaruit dat die monsterrolle en vryboeke van die begin af die oorerflike van van elke persoon aangegee het. Onder Jan van Riebeeck was daar die volgende stamvaders: Jurriaan Appel, Cornelis en Steven Jansz. Botma, Cornelis Claassen, Coenraad en Gerrit Cloete, Elbert

Diemer, Hendrik Elberts, Jan Louw, Hans Ras, Willem van der Merwe, Pieter van der Westhuijzen, Pieter Visagie en Jan Coenraad Visser; onder die stammoeders was daar o.a.: Hendrika Hendriks, Jannetje Gerrits, Catharina Harmans, Martha Verschuur en Catharina de Vooght. Soos gewoonlik, is die meeste hiervan vadersname (Botma, Cloete, Claassen, Diemer, Elberts, Gerrits, Harmans, Hendriks, Louw e.d.); aardrykskundige name kom uit in Appel, Van der Merwe ('n riviértjie), Van der Westhuijzen, Verschuur (van der Schuur); in Visser skuil 'n beroepsnaam. Die voorname is ook almal oorgeërf.

By plekbenoeming was daar, naas eenvoudige oordrag (Amstelrivier), heelwat geleentheid vir eie skepping. Enige name was natuurlik uit vroeër dae bekend, soos Tafelberg, Duivelsberg, Leeuwenberg met Leeuwenkop, -rug en -bil, die Kloof, Saldanhabaai e.d.m. Nuwe name is „t Houtbayken” (om die bruikbare hout), Dassen- en Robbeneiland (om die dasse en robbe), almal uit 1652; uit 1657 bv. is daar o.m. Hottentots-Holland ('n plek deur die Hottentotte so genoem „als sijnde seer vette weijden, haer Hollandt offte Vaderlandt om d' onse beter te verstaen te geven de volheijt van spijsse offte treffelicke weijden voor haer bestiael, daer gelegen” (*Dagverhaal*, Junie 6, 1657), Gevelbergen (vandag die Twaalf Apostels), die „Groote berghreviere,” verder loop die pad deur „tusschen den Diamand ende Peerlbergh ende aen d' ander sijde de Clapmusbergh.” Ander name is Sadelbergh, (links van Paarlberg), Olifantshoek, Rietbaai, Olifantsrivier, (deur Danckert in 1660 gegee omdat hy hier 'n kudde van 300 olifante gesien het), Dassenbergen, Riebeecks Casteel, Klein Bergrivier, Tijgerberg, Mosselbank. 'n Groot aantal van die ou benaminge is later vervang, maar die aangehaaldes laat deurstraal hoe die plaaslike hom laat geld en ver-Kaapsing hier plaasgevind het, bv. in die topografie (Houtbaai), die poëtiese vergelyking (Peerlbergh), die historiese grondslag (Olifantshoek) endie rasseverhoudings (Hottentots-Holland), om op slegs 'n paar te let. Die grappige

val op in Kijk-uijt, Keert de Koe en Houdt den Bul, die name van drie blokhuse, terwyl Koornhoop, 'n ander, die enige landmansverwagting na 'n goeie oes — hier van koring — in die ore laat sing. Die riviernaam Den Hollantse Rietbeecq bestaan nie meer nie, maar openbaar sowel 'n sin vir woordspeling (op die van van die kommandeur) as die neiging tot erkentlikheid, indien nie heldeverering nie. Vele Hottentotstamme het naas hulle eie ook Hollandse name gekry, soos Strandloopers, Kaapmans (of Saldanhars), Vismans, Tabakdieven.

§18. Naamgewing aan Plante en Diere.

(a) Direkte oordrag.

Jan van Riebeeck se *Instructie* het aan hom voorgeskryf om direk na die bou van 'n fort 'n tuin aan te lê, groente te saai en vrugtebome te plant. Die stigting het inderdaad 'n proefplaas geword, 'n landboukollege, waarvoor Van Riebeeck 'n soort van handboek saamgestel het, naamlik sy *Caebesen Hoveniers Almanack*, deur hom aan sy opvolger oorhandig. Hier is met velerlei Europese gewasse geëksperimenteer wat vir die eerste keer na ons land gebring is, m.a.w. die Kaap word ook plantkundig ge-europeaniseer. Die *Almanack* maak onder andere van die volgende soorte melding (Molsbergen 146-7): aardbeie, amandels, anys, appels, appelkose, blomkool, boontjies, druiwe, eikebome, ertjies, gars, granate, hawer, hop, jasmyn, kalbas, kastaiings, koejawels, komkommers, kool, kwepers, malvas, moerbeie, neutebome, patats, pere, perskes, piesangs, pieterselie, pomelmoes, pruime, radys, rape, rissies, rog, rose, rys, salie, slaai, suikerriet, tabak, tulpe, uie, vinkel, vye, wortels. Ook van elders is saad of plante ingevoer, soos mielies en pynappels uit Guinea, lemoene uit Sint-Helena, Spanje, Mauritius en Indië, en pampoene uit Brasilië en Indië. Die plaas was van die begin af daar, soos haarwortels, molle, ruspes en sprinkane. Omdat baie van die gewasse eers nie wou aard nie, is hulle later opnuut verbou. J. W. Vogel was in 1679 aan die Kaap en hy

noem die Kompanjiestuin 'n Kort Begrip van alle buitenlandse gewassoorte.

Mak diere wat ingevoer is, sluit o.a. in: uit Nederland: duiwe, hoenders, honde, kalkoene, skape, swane, varke; uit Java kom perde en die groot honde waarmee die Hottentotte in bedwang gehou is, esels is uit die Kaap Verdiese eilande ingevoer.

(b) *Oordrag met nadere bepaling*

Hierdie plante en diere het geen behoefte aan nuwe name laat ontstaan nie, maar hulle kon 'n spanning verskerp. Van Riebeeck wou die vetstert-skaapras van die Hottentotte verbeter deur kruisteelt met ingevoerde skape, en so moes onderskei word tussen die vaderlandse skape en die Kaapse ras, die *Afrikanerskape*, d.w.s. taalfaktore is in aksie gestel. Die vorm van spanning het van die begin af bestaan waar die inheemse (Kaapse) onderskei moes word van die uitheemse (meestal Europese), òf ten opsigte van dieselfde soort, òf omdat die gelykenis oppervlakkig groot genoeg was. Daardeur ontstaan daar by die oordrag van die naam op die plaaslike die nadere bepaling met toevoegings soos *Kaaps*, *Afrikaans*, *Hottentots*, *wilde* e.d. en andersyds verskerpings soos *Hollands*, *vaarlands*, *duis-* e.d. Die bepaling is aangewend deur mense wat na die dinge gekyk het met die oë van die Europeër, sodat die ongekwalifiseerde naam as die gewone aangevoel is, en die gekwalifiseerde onder omstandighede as die een met kontraswaarde.

As voorbeelde kan die volgende uit die *Dagverbaal* dien: *vaderlantse aertjies* (I 559) of *vaderlantsche arties-socken* (II 94) (vgl. ook I 530); die „Hollantse Riet-beeck” was 'n riviértjie „die vol *Hollants* riet stond” (II 270), d.i. vol vaderlandsriet; *wilde vijgen* (I 166), of, met die Indiese plant as die gewone, *wilde palmiet* (II 467). As wisselvorme van die wildevy was in gebruik *Kaapse vy* en *bottentotsvy*, miskien in Van Riebeeck se tyd onder dié name bekend maar later eers opgeteken (Scholtz 30). Behalwe in *duytsman* (bv. III 66 en III 678) en *duyts* (III 404) het ek geen vorm met *duis-*aangeteken nie, maar herinner aan o.a. *duiskoring* naas die

latere *kaffer*koring van die Bantoe. Die woord *kaffer* was, terloops, in Van Riebeeck se tyd gewoon aan die Kaap vir 'n Hottentot of neger en kom 'n paar keer as sodanig voor (III 469 en 475).

(c) *Onnoukeurige en Foutiewe Oordrag.*

Die benoeming van inheemse sake deur middel van sulke kwalifikasies moes hoofsaaklik geskied het solank as die koloniste die lokale as die vreemde opgevat het, m.a.w. in die vroegste en vroeë tye. Toe het hulle deur komparatiewe oordrag hulle woordeskat op die nuwe toegepas, en hoewel die ooreenkoms meestal goeie rede daartoe gegee het, was daar ook opmerkbare mistasting. „Algemeen bekende name is hier toegepas op plante en diere wat met die oorspronklike draers van dié name al heel weinig gelykenis vertoon — tot ergernis van latere natuuronderzoekers . . .” (Scholtz 9).

Hiervan gee |dr. Scholtz 'n paar treffende voorbeelde ten opsigte van naamsoordrag op vis-, voël-, soogdier- en plantsoorte. Die *ombervis*, by ons 'n onbekende naam, word aan die Kaap genoem 'n *kabeljou*, wat in Europa 'n ander vissoort aandui. *Fazant* is in Europa glad 'n ander voël as ons *fisant*, waarmee die groter patryse bedoel word. Die Afrikaanse *tier* heet in die stamland *panter* of *luipaard*; wat in Nederlands *tijger* heet, kom by ons nie voor nie. Die Afrikaanse *wolf* is daar 'n *hyena* (via Latyn uit Grieks; *bys* beteken 'n vark), en ons *jakkals* vertoon ook in geesteseienskappe meer ooreenkoms met hulle *vos* as met hulle *jakhals*. *Das(sie)* by ons het betrekking op heeltemal 'n ander diersoort as in Nederlands. *Gemsbok* hier verskil totaal van die Europese *gems*, „wat 'n bewoner van die hooggebergtes is en kort horings het met die punte na agter en ondertoe omgebui” (l.c. 13); ook by *steenbok* is die gelykenis heel gering. Die Afrikaanse *eland*, *reebok* en *bartebees* is holhoornige diere en behoort tot ander families as die Europese *eland*, *reebok* en *hart*, wat draers van vertakte geweie is (14). Ook op party boomsoorte is daar gevalle van vry willekeurige oordrag. Die Afrikaanse *boekenhout*, *esse-*

boom, rooi-els, wit-els en *wildepeer* kom met die gelyknamige Europese soorte alleen in die grein enigsins ooreen.

Al sulke vergissings *kan* van onvoldoende vertrouwdheid en nog oppervlakkige kennis getuig; in die reël egter was daar vanweë die een of ander ooreenkoms 'n goeie rede vir die toepassing van die name op Kaapse plante en diere, waarmee bowendien gesê word dat die bepaalde groep Nederlandse woorde 'n Afrikaanse kleur gekry het.

§19. *Nog meer oor die woordvoorraad.*

Vir ons kennis van die taalgebruik gedurende die eerste tien Kaapse jare is ons grootliks aangewys op die *Dagverhaal*. Of Van Riebeeck of sy sekretarisse as outeur(s) moet geld, is nog onuitgemaak. Die verslae en berigte is in die gebruikelike stereotiepe amptelike taal van destyds gestel, deurspek met Frans en Latynse woorde en frases, maar dit is in baie opsigte nog onvas en gee ons soms 'n aanduiding van die vlottende toestande deur middel van die wisselvorme en in die woordkeus. Die *Dagverhaal* bevat verder afskrifte van die verslae deur leiers van landtogte ingelewer (129 bladsye uit 'n totaal van 1981) en van briewe (66 bladsye) aan die kommandeur gerig, byvoorbeeld deur skeepskapteins, die oppasser op Robbeneiland en ander persone. *Die Taal van die Dagverhaal van Jan van Riebeeck* is die titel van 'n ongepubliseerde dissertasie van S. F. du Plessis (1934), 'n studie waarvan ek in die navolgende paragrafe 'n ruim en dankbare gebruik gaan maak, soos reeds vir die statistiek hierbo. Die meeste voorbeelde in paragrafe 19-21 kom uit hierdie werk.

(a) Verskillende woorde wat in Nederlands reeds verouderd of dialekties is maar toe in ruim gebruik was, tref ons nog springlewendig in Afrikaans aan, soos *algaer* („de erten sijn algaer op” I 192), *fris* (gesond), *moeilik* (vererg), *neut* vir *notenmuskat*, *slim* (skrander). 'n Verwante groep bevat woorde wat weinig in Nederlands in gebruik is maar gewoon geword het in Afrikaans: *ellendig* (ernstig siek), *hangen* (van 'n berg), *kweek* (grassoort), *opdroghen* (van 'n koei wat nie meer melk

gee nie), *opstal*, *roer* (geweer), *vergange* (verlede). 'n Klompie woorde kom eintlik net gewestelik in huidige Nederlands voor, maar is algemeen in Afrikaans, o.a. *altemet(s)*, *beeste* (vir rundvee), *bekwaam* (geskik), *burg* (gesnyde vark, vgl. Kloeke *Herkomst* 192-3), *lemier* (lig word). Reeds met 'n Afrikaanse bybetekenis verskyn in die *Dagverhaal*: *dam*, *klip*, *pan* (sout- en waterpanne), *schoft* (werkduur), *spruit* (riviertjie). Lees by *dam* en *schoft* ook Scholtz in TWK Mei 1947 35 en Nov. 1947 25.

(b) Hierby kan uit die seemanstaal enige woorde gereken word wat algemeen geword het en waarvan party (miskien eers op Afrikaanse bodem) ook betekenisverruiming ondergaan het: *balie* (kuipe wat gemaak is deur groot vate middeldeur te saag, vgl. Scholtz (TWK (1947) I 27), *brackachtig* water, *bultzak* (skeepsbed met strooi gevul, nou verouderd), *dynsigh* weer, *gage* (loon, gebruik het ingekrimp), *klip* (nie uitsluitlik nie maar dan tog wel hoofsaaklik 'n seemansterm), *kombaars* (ruwe skeepsdeken), *kombuis* (TWK (1947) II 9), *k/constabel* (opsigter van die skeepsgeeskut), *kooi* (wat al meer deur *bed* verdring word), *laarzen*. Dr. Scholtz noem uit die Nederlandse seemanstaal nog die voël naam *malmok*, die visnaam *jakopewer* (uit *Jacob Evertsen*, waar 'n eienaam tot soortnaam ontwikkel het), en dan *noorkapper*, uit *noordkaper*, omdat dié walvis veral in die buurt van die Noordkaap aangetref was; by ons is dit op 'n ander soort walvis toegepas (*Naamgewing* 7-8).

Dit maak ons weer indagtig hoe seer die lewenswyse, afgesien van die invloed wat van die besoekende skepe uitgegaan het, in die beginjare in hierdie hawe-aanleg soos aan boord skip ingerig was, byvoorbeeld ten opsigte van kosvoorbereiding en slaapgeleentheid, waardeur hierdie skeepsterme en seemanswoorde so 'n goeie vatkans gekry het dat die mededingende woorde op die agtergrond geraak het en geatrofeer is. Die bestendinging van ander algemene seemansuitdrukkings (*iemand afskeep*, *opgeskeep wees*, *'n hart onder die riem*) is deur die vroeë denk- en leefwyse seker in die hand gewerk.

(c) 'n Goeie aantal woorde wat in die *Dagverbaal* voorkom, het in Afrikaans in onbruik geraak, en in die geval van ander het daar, weliswaar nie in Van Riebeeck se tyd nie, dog later, vastigheid gekom waar 'n mate van losheid geheers het. 'n Voorbeeld hiervan is die woord *geweer*, oorspronklik 'n voorwerp van verweer of verdediging. As sodanig gebruik die *Dagverbaal* dit bv. in die sin: „Visman . . . welke op d'onse met volle geweer (was) aangekomen" (I 465). Die ontdekking van buskruit het egter meegebring dat *geweer* ook die betekenis van vuurwapen aangeneem het; in dié sin verskyn dit by Van Riebeeck altyd voluit as *schietsgeweer*, 'n woord wat tans ook in Nederlands verouderd is. Vandag het *geweer* by ons net een vaste betekenis, net soos *roer*, maar die *Dagverbaal* het nog *vuyrroer* en onderskei soorte soos *vogelroers* (I 13) en *carbijnroers* (I 494). *Koebeesten* ken ons as versamelnaam nie meer nie, en *beeste* het die stryd teen ander benaminge gewen, waaronder *beestiael*. Daar is vele soortgelyke voorbeelde van verenkelvoudiging in gevalle waar nadere onderskeiding nie meer bestaan het of nog nodig was nie.

§20. *Klanke*.

Die spelling is nog baie onvas omdat nie net meer as een stelsel gebruik is nie, maar binne 'n bepaalde stelsel nog heelwat vryheid geheers het; nogtans kry ons binne perke 'n soort van aanduiding van die vlottende toestand in die uitspraak van woorde, d.w.s. as ons aanneem dat wat in die *Dagverbaal* verskyn, 'n goeie beeld is van wat onder die landverhuisers gewoon was. Verskeie gevalle wat afwyk van die huidige standaard-Nederlands, leef vandag nog in Afrikaans voort as die beskaafde, soms egter ook as die streektalige of verouderde of die platter vorm. Dr. Kloeke se gepubliseerde dialekkarte stel ons in staat om in gegewe gevalle te bepaal in hoever die klanke korreleer met wat vandag gehoor word in daardie gebiede waaruit ons stamouers hoofsaaklik afkomstig is. Daaruit blyk dikwels dat soveel wat as afwyking van standaard-Nederlands by ons voorkom, inderdaad oorgeërf

is, d.w.s. taalgoed is wat drie eeue lank bewaar geword is. Dit laat Afrikaans daarom in menige opsig vir die opgevoede Nederlander argaïsties klink.

Uit dr. Du Plessis se materiaal word o.a. genoem: rondinge soos *vrunt*, *schulp*, *speul*; ontrondinge soos *stierman*, *vier* (vir *vuur* van vandag); die umlaut van Germaanse *ai* in *bleyck*, *meyninge* *teycken*, *vleis*, van *aa* in *leegte*, van *oo* in *deur*, *meule*, *neut*; velarisasie in *Dingsdag*, *kettings*, *rottang*; die *o* in *botter* of in *blom* en *trop*, die *ou* in *waarschouwen*, die *oe* in *oegst* en *koegel* (as *oe* aanvaar word as die teken hier van die hoë agtervokaal); verder wisselinge soos *bart* en *berde*, *pars* en *peerd*, *sal* en *sel*, *verwillecompt* en *welkom*; dikwels is daar verswakkinge soos in *pertij*, *portegesen*, *verbij*; epentesis is te sien in *pampier* en *eyntlijk*, sinkopee in *hooffofficier*, *Niclaes*, *wagepadt*, *weyen*, *windrigh*, paragoge in *rijs*. Die *Dagverhaal* is ryk aan voorbeelde van uitstoting, veral van die *d* (*rijen*) en *t* (*coors*, *sachjes*, *sagste*). Ongelukkig kan ons uit die tekens nie aflei hoe die artikulasie, intonasie en aksent in die verklanking tot uiting gekom het nie, dit is, of die vokale byvoorbeeld toe al heelwat van hulle helderheid en geslotenheid prysgegee het nie.

In 1950 het 'n allerbelangrikste studie van prof. G. G. Kloeke verskyn: *Herkomst en groei van het Afrikaans* (Leiden), waarin hy hom in die eerste plaas met Nederlandse dialektgeografiese data van vandag besig hou en dit korreleer met die taal van die *Dagverhaal* en met 17de eeuse toestande. In die poging om die gevolgtrekkings tot 'n eenvoudige, hanteerbare formule te herlei, nl. dat Afrikaans 'n suidelike Suid-Hollandse kleur verraai (66, 226), het hy nie aan die gevaar kon ontsnap om „vooringenome” te raak en sy feite ter wille van die teorie soms enigsins te forseer nie. Prof. J. du P. Scholtz het in sy resensie van die werk op verskillende verwaarloosde ooreenkomste met insonderheid Noord-Hollands gewys (*Die Huisgenoot*, 14 Julie tot 4 Augustus, 1950, ook apart oorgedruk, waaruit ek sal aanhaal), en in *Tijdschrift voor levende talen* XVII/I het prof. Blancquaert op voorbeelde van ooreenkomst met Suid-Nederlands die

aandag gevestig. Nogtans bevat prof. Kloeke se ondersoek, sy besondere benadrukking daargelate, 'n bydrae wat ons kennis (insonderheid t.o.v. waardering van platheid en verheuenheid) wesentlik verryk het, soos trouens algemeen toegegee word.

Op 'n paar besonderhede kan gewys word om te laat sien wat die verhouding was waarin Nederlands aan die Kaap verkeer het tot die Nederlands van die volkskringe en die „leestaal.” Dit sal die grondslag van die kolonistetaal verduidelik, en laat blyk dat dit gewoonlik op Nederlandse standpunt staan. „Een van de meest karakteristieke verschijnselen van het standaard-Nederlands is het feit dat de met westgermaanse *â*, *ô* en *au* corresponderende lange vocalen onaandoenlijk plegen te zijn voor umlaut — dit in afwijking van alle andere Germaanse talen” (54), en aan die Kaap gehandhaaf is (vgl. *aangenaam*, *groen*, *boos*.) Prof. Kloeke stel verder vas dat die taal by ons op Wes-Nederlandse, d.w.s. in die besonder op Hollandse gebruik gebaseer is, en verwys o.m. na die *diftongering* van die Ougermaanse *i* daarin tot *ij* (bv. *blijven*; *mijn*) en van *û* tot *ui* (*buis*; *uit*), behalwe dan in 'n paar relikte (soos *kiem* en *zwierook* by *i* en *doesmanduysman*; *roesie-rusie* by *û*), dit in teenstelling met die ongediftongeerde Oostelike Nederlands. Hierdie proses het hom teen 1652 al voltrek en die koloniste het die diftongeringsgroepe, relikte inkluis, net so hierheen gebring (45, 54, 292). Een van die opmerklikste feite is ongetwyfeld die eenvormigheid van Afrikaans by die lang *aa* (*aap*, *naam* e.d. met 'n gerekte *â*, of *raas*, *skaap* e.d. met 'n oorspronklike lang *a*). „Afgezien van luttele anomalieën is dus de toestand zoals in de Nederlandse school- en leestaal” (56). Hierdie *a* word in Nederlands as 'n beskawingsproduk verklaar en toon aan hoe daar in die vroeë taalgebruik aan die Kaap die grondslag gelê is vir wat in ooreenstemming is met die beskaafde, selfs kunsmatige bestand in afwyking hier van die volkstalige onvastigheid.

Maar nie altyd was die kolonistetaal heeltemal op die standpunt van die skryf- en skooltaal nie. Dit kon in die

teenoorgestelde rigting gaan en by die volkstaal aansluit waar dit van die leestaal afwyk, òf dit kon 'n tweeslagtige karakter vertoon wat die tekens van die stryd van waardes openbaar (bv. deftigheid versus volkse of boerse neigings). As dit by die dialekte aansluit, is prof. Kloeke geneig om, meestal met oordrywing, ooreenstemming met suidelike Suid-Nederlands te soek, soos by die uitspraak van *koei*, *vers* (kalf), by die verkleiningsuitgang *-ie*, by *nuut* e.d., hoewel die taalfeite nie altyd daarby wil pas nie. As die *Dagverhaal* naas die vele *boter*-gevalle ook bevat *botterkarn* en *botterblom*, dan het ons in *botter* (nes in *skottel*) 'n uitspraak wat miskien berus „op het Hollands van Amsterdam en omgeving” (85), en by die wegval van die afsluitings-*t* in voorbeelde soos *berfs*, *sug*, *slegbste* (die laaste uit die *Dagverhaal*), sien prof. Kloeke „typisch stedelijk Zuid-Hollands” (285).

Leersaam is die stelsels van tweeslagtigheid. Die *ou* is in die 17de eeu blykbaar nog algemeen as *eu* gehoor en was „in algemene zin westelijk en plattelands” (96). Wanneer „de Afrikaners dus *deur* . . . *seun* zeggen voor ‚door’ . . . ‚zoon’ dan wijken zij daarmee niet af van de uitspraak van de overgrote meerderheid der 17de-eeuwse Hollanders” (99). In die *Dagverhaal* verskyn o.a. *deur*, *geut*, *neuten* (en *noten*), *veulen* (verdof tot *vul*); Nederlands het hier vandag 'n *o*. Die *o* verteenwoordig die deftige uitspraak wat in die 17de eeu in swang geraak het (99). Nou het Afrikaans i.p.v. *eu* teen alle verwagtinge in (volgens prof. Kloeke), ook 'n *o* in bv. *koning*, *somer*, *voor*, *woon*, d.w.s. dit staan gedeeltelik op die grondslag van die *eu* of „populaire, meer ongeletterde” (99) uitspraak en gedeeltelik op die basis van die deftige uitspraak, volgens die differensiasie wat bestaan het toe dit hierheen oorgeplant is. Ons kan uit die Afrikaanse *o*-vorme seker aflei dat die *eu*-klank in die betrokke woorde in Nederlands teen 1652 aangevoel was as 'n uitspraak wat in die gevalle liewers geweerd moes word; daarom het *keuning* en wat daarby hoort, uitgesak. Of laat ons 'n ander groep neem waarin woorde met vokaalrekking almal in ABN vandag *aa* plus *r* plus dentaal het. In

Afrikaans is daar (a) *aard* (ww), *aarde*, *aarsel*, *baard*, *Maart* e.d., en van die Nederlandse AB afwykend (b) *erd*, *kêrel*, *perd*, *stert* e.d. Dit toon 'n toestand van dubbelheid waarvan die voorbeelde onder (b) deur prof. Kloeke as relikte uit die Hollandse dialekte beskou word (109). In die tyd van Van Riebeeck was die vorme, na dit skyn, nog verwisselbaarder as later (vgl. *Herkomst* 294), maar die basis is m.i. deur prof. Scholtz juis aangegee, nl. dat die tweeslagtigheid berus op 'n differensiasie wat geheers het in die algemene Hollandse spreektaal van die 17e en 18e eeu (oordruk van resensie, 14). By die nie-gerekte *er* en *ar* voor konsonant (uit die *Dagregister* o.a. *garst*, *carnemelck*, *partinent/dwers*, *erten*, *werm*) het aan die Kaap soos in Nederland 'n soort van sisteemloosheid geheers waarin ook prof. Kloeke nie 'n bevredigende reëlmaat kon ontdek nie. „Merkwaardig is dit dat in hierdie toestand van verwarring daar so 'n opvallende ooreenkoms tussen Afrikaans en die Algemeen Beskaafde Nederlands bestaan het . . . My standpunt is hier weer dat waar daar in Nederlands in die tweede helfte van die 17de eeu (en die begin van die 18de eeu) 'n duidelike differensiering gekom het tussen „vulgêr” en „beskaaf,” die „vulgêre” vorme oor die algemeen min kans aan die Kaap in die stryd om die bestaan gehad het” (ald. 15-16). By 'n ander verwante groep, nl. die wisseling van *vurk-wurm* teenoor *dorp-vorm*, merk prof. Scholtz op: „Die verdeling van *or* en *ur* oor die Afrikaanse woorde lyk my die maklikste so te verklaar: Afrikaans het die „Hollandse” *ur* in *slurp*, *wurg*, *wurm* omdat die vorme tot vandag toe die gangbaarste munt in die Algemeen Beskaafde Nederlands gebly het; dit het die *ur* in *dorp* ens. nie omdat te vroeg, ook in Nederlands, stelling teen die *ur* in daardie woorde ingeneem is” (17). Met eweveel instemming haal ek ten slotte prof. Scholtz se samevatting aan: „Tussen baie wisselvorme wat daar moontlik in die begin aan die Kaap bestaan het, het die beslissing so gou geval dat die swakker vorm spoorloos verdwyn het. In die geval van ander het die stryd langer geduur omdat geen van beide in die beskaafde Hollands

vroeg gebrandmerk was nie — so waarskynlik met *waarskou* naas *waarsku*, *leegte* naas *laagte*, sodat die eerste vorme nog dialekties weg van die Kaap, leef in Afrikaans. In gevalle waar die „Algemeen Beschaafd” in Nederland te laat sterk teen die Hollandse vorm kant gekies het, het Afrikaans in sy ontwikkeling nie meer met die algemeen beskaafde Nederlands saamgegaan nie en kry ons die grootste verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse vokalisme — so Afr. *perd*, *stert* teenoor Ndl. *paard*, *staart*, en dergelike” (34). Vgl. §16 hierbo.

§21. *Vorme.*

In die vormleer val betreklik weinig van belang op. Die afwykinge van die gebruiklike kanselarytaal is gering. Naas die vorming van die meervoud op die gewone wyse kom soms as betreklik seldsame wisselvorme meervoude op *-s* voor in gevalle waar die slotlettergreep die klem het: *boots*, *conijns*, *cosijns*, *roers*, *schaepe*s, *schiltpads*. Oor die algemeen stem dit nie met die huidige gebruik in Afrikaans ooreen nie — *roers* is ’n uitsondering; maar dit kán aandui dat *-s* in daardie tyd ’n heel aktiewe „ingwaenisme” aan die Kaap was, waarskynlik so sterk dat dit daarom in ’n onbedagsame oomblik soms in die skryftaal deurgeglim het. Dan beteken die huidige Afrikaanse meervoudsvorming op *-s*, wat ’n ritmiese grondslag het, ’n latere, d.w.s. ’n Kaapse ontwikkeling wat deur die vroeër toestand moontlik gemaak is. Die brug in hierdie oorgang van die een wal na die ander kon dan gespan gewees het deur gevalle soos *eyers*, *gevangens*, *vlaete*s; hulle was gewoon in die laat middeleeue en in die 16de en 17de eeue in Nederland (Schönfeld: *Hist. Gram.* § 86), en dus seker ook aan die Kaap. Maar hierdie „oorbruggingsgevalle” is dubbele meervoude en berus derhalwe (al weereens) op vorme van benadrukking!

’n Paar keer verskyn *die* as lidwoord; dit moet wel as opvallend geld, omdat die skryfgewoonte in sulke kort woordjies van baie hoë frekwensie maklik tot verstarring lei. As desondanks ’n paar keer *die* as gelykwaardige lidwoord naas die gereglementeerde *de* verskyn, moet

dit seker laat deurskemer dat die nadruklike vorm in die spreektaal gewoon was. Die *Dagverhaal* gee in die nom. manlik as wisselvorme: *de* (byna alleenheersend), *die* (heel selde) en *den* (baie skaars — 'n voorbeeld is: „heden heeft *den* Commandeur uytgeweest, III 655). *Den* word, en nie net in die suidelike Nederlande nie, baie gebruik in die nominatief; by Brederoo is dit verbreid en die ouer Vondel het dit ook geskryf. Het die stryd aan die Kaap in die volksmond veral gegaan tussen *die* en *den*? 'n Vol vorm van *een* voor 'n eienaam vir nadruklike aanduiding van 'n persoon kom 'n paar maal voor (*eenen* Hendricq II 565; *eenen* Jan III 257; vergelyk by ons: *ene* Vermaak).

By die voornaamwoorde val die aantal wisselvorme op. Die 1ste persoon meervoud van die pers. vnw. het in die nominatief *wij*, *wijlieden* of *-luyden* naas *ons* in die derde en vierde naamval, of in die derde persoon: *zij*, *se*, *zijlieden*, *-luyden* of *-luiden* in die onderwerpsvorm en *ben*, *bun*, *baer*, *baerluyden* en *benlieden* in die voorwerpsvorm. Die verteenwoordiger van ons huidige *julle* verskyn nog nie in geskifte nie, sodat daar onder die koloniste minstens nog ander vorme kon gewees het. As 'n toestand van vereenvoudiging hieruit ontwikkel het, sal in die meervoud die voorwerpsvorm wat op 'n voller woord teruggaan (*jij* — of *jouluiden/lieden*), die oorwinning behaal het, ook op die nominatief (*ons*, *julle*, *bulle*).

Interessant is die aanwesigheid van die omskrewe besitlike vnw. (adjektiwies) in bv. „dese man *sijn* leven,” „den vryborger *zijn* huys.”¹⁾

¹⁾ 'n Mooi aanduiding dat dit uit die volkstaal kom, lees ons in Carolus Tuinman se *Oorsprong en uytlegging van dagelyks gebruikte Nederduitsche Spreekwoorden* (Middelburg, 1727), deel II, bl. 181 by die hofie *Hy is dat kind zyn vader*: „Dit wil zeggen, hy is de vader van dat kind. Deze en diergelyke uitdrukkingen, die men zontyds hoort, zyn zeer lam, als of men in 't Latyn zeide: *Ille est isti puero suus pater*. My schiet hier te binnen, 't geen ik voor lange jaaren wel eens gelezen heb. Een boer zat met zyn zoontje in eene herberg; waar in ook een reiziger met een hond quam. De boer vraagde hem: *Is dat jou bond, Heer?* De andere zeide: *Neen, ik ben dien bond zyn heer*. Dat berispende *neen* was redenloos, dewyl de boer hem dat vraagde, of hy des honds heer was? De boer echter, al even schrande en taalkundig als die andwoorder, vond dat zo overgeestig, dat hy tot zynen jongen zeide:

By die werkwoord is verwarring van persoonsuitgange seldsaam. Die *Dagverhaal* het 'n paar keer 'n konstruksie wat in Middelnederlands gewoon was (F. A. Stoett: *Middelnederlandsche Spraakkunst, Syntaxis*, 1923, § 13), maar wat moderne Nederlands met *te* plus infinitief omskryf. So lees ons daar: „... jonge robben ... laghen *en* sliepen ...” (I 103), 'n wending wat in Afrikaans (soos ook in Vlaams, Stoett, ald.) nog bewaar is. Een belangrike feit is dat waar Nederlands vandag in die reël *zijn* gebruik, ons in die *Dagverhaal*, net soos ook in Afrikaans nog, vir die infinitief oorwegend *wesen* aantref (sal uytgelopen *wesen* I 150; bevrees te *wesen* II 3); en vir die aspek dikwels *hebben*: *hebben schepen bezig gebleven* (I 14), *hebben beginnen* (I 148), *heeft den Commandeur uytgeweest* (II 293). Laasgenoemde geval maak ons weer indagtig hoe Afrikaans, in teenstelling met Nederlands, dikwels beter bewaar het wat in Middelnederlands reeds gebruiklik geword het (Stoett § 252).

Die algemene gevolgtrekking waartoe dr. Du Plessis geraak, is dat die taal van die *Dagverhaal*, vergeleke met die kanselarytaal van dié dae, selde afwykings vertoon, en dan is dit gering, m.a.w. die gebruik is nagenoeg die normale. Die normale reflekteer egter binne perke heelwat losheid en vryheid.

Die *Dagverhaal* bevat ook 'n paar briewe, waaronder dié van skipper Jan Symonsz, van Jan Woutersz en Rijck Overhagen. In eersgenoemde se brief van 19 Desember 1654 kom o.a. sinne voor soos: „hoe dat sijn sinnen ende gedachten geweest heeft,” „de robben waren soo mager dat er geen speck op en wassen,” „als dat wij swack van volcq was,” „ick en Claes ben.” Of dit 'n

Dat 's raar! Keesje. Vraag my ook zo eens. Keesje gehoorzaamde dat, en zeide: *Is dat jou bond? vaër. Neen*, andwoordde de boer, *ik ben dien bond zyn vaër*. Doch straks besefte de boer, dat dit zyne eere te na zou zyn, en zei: *Neen, Keesje, dat gaat niet ...*”

Terloops noem ek nog iets anders wat oorgeërf moes wees uit wat Tuinman „kromtaal” noem. „*As is verbrand hout*. Dit word boertig gezegt, als ymand eenig voorbeding stelt, dat mogelyk of waarschyndyk nooit gebeuren zal. Zulk eene verminkte kromtaal spreken zommige: *As dat eens geschiedde. As voor als*. Daar op is de jukkende andwoord gericht.” (II 185-6).

goeie weerspieëling van die Kaapse volks- en seemanstaal was, is 'n vraag wat in die midde gelaat moet word; Symonsz kon dalk net te bewus na verhewenheid gestreef en hom sodoende aan onnatuurlikheid skuldig gemaak het.

Hoe dit sy, ook die *Dagverbaal* gee ons grond vir die mening dat in die Nederlands van die eerste koloniste daar op verskeie gebiede en in verskillende grade 'n stryd tussen fonologiese en in mindere mate morfonologiese groepe, tussen woorde en funksies plaasgevind het en dat die taaltoestande in 'n paar gevalle nog vlottend moes gewees het.

§22. *Aanraking met die Hottentotte.*

Gedurende die 150 jaar voor die stigting van die nedersetting is af en toe vlugtig kennis van die inboorlinge opgedoen. Die Hottentotse taal met sy klik- en klapge-luide en insuigklanke was 'n groot struikelblok vir die Europeaan. James Lancaster was in 1601 aan die Kaap en hy sê o.a.: „Their words are all guttural, and they cluck with their tongues, that in seven weeks not one of the English was able to learn a single word of their language . . .” (aangehaal deur Colvin in *Mendelssohn's South African Bibliography* I xxxix). Sir Thomas Herbert, aan die Kaap in 1626, noem die taal „apishly sounded” en „the idiom very hard to be counterfeited” (ib. I xxxviii). Verskeie Nederlandse, Duitse en Franse uitlatinge is in dieselfde gees soos bv. te lese is by Hahn: *Die Sprache der Nama* (1870), bl. 17 en verder. Die jaar waarop Van Riebeeck hier geland het, het Jodocus Hondius 'n dun boekie van 33 bladsye in klein formaat gekompileer: *Klare Besgrïjving van Cabo De Bona Esperanca*. Daarin sê hy dat die Hottentotse taal „zeer belemmerd” is, dat hulle soos kalkoenmannetjies kloken dat dit gaan of 'n mens op jou duim knip of 'n ratel slaan — 'n opmerking wat Dapper sal oorneem en wat waarskynlik van die Portugese opmerkers afkomstig is, die eerste beskrywers van die inboorlinge.

Toe Van Riebeeck en sy mense hulle hier kom vestig het, moes hulle met die inboorlinge in betrekking tree.

Dit was vereers nodig vir die veeruil, aangesien die Hottentotte (die armoedige Strandlopers uitgesonderd) die alleeneienaars van die begeerde langhoringbeeste en vetstertskape was. So verleë was Van Riebeeck om hulle vriendskap te behou dat hy met haas ongelooflike lankmoedigheid opgetree het. Toe die stryd tussen die stamme onderling uitbreek het, het die veehandel daaronder gely en moes lang kus- en landtogte onderneem word om met die stamme dieper landwaarts in in voeling te kom. Ook is reise georganiseer om die fabelagtige Vigita Magna te soek. Van die begin af het verder enige Hottentotte by die blankes „diens” geneem. Daar was dus verskillende redes vir die onderlinge verkeer.

Hoe het hulle met mekaar gesels? Dat daar onder Van Riebeeck se mense heelwat later wel enkeles was wat Hottentots kon praat, weet ons seker, byvoorbeeld deur die geval van G. F. Wreede. Hy was ’n weggelope Duitse student wat by die N.O.I.K. in diens getree en in 1659 aan die Kaap aangekom het, waar hy binne ’n paar jaar ’n bruikbare kennis van die Hottentotse taal opgedoen het. Om dié rede is hy dikwels as tolk of gesant gebruik. Teen November 1663 het hy ’n Hottentots-Nederlandse woordelys saamgestel wat die Kompanjie onderneem het om te laat uitgee. Soos bekend is, het dit nie geskied nie; maar by Godée Molsbergen (*Reizen in Zuid-Afrika* I 215-224) verskyn ’n lys wat vandag aan hom toegeskryf word.

Tydens Van Riebeeck se verblyf hier was sulke kenners van Khoisan blykbaar ’n hoë uitsondering. Dié taal was vir die eerste koloniste seker omtrent net so moeilik as vir Lancaster se mense. Hondius, Dapper en ander vertel ons inderdaad dat *Hottentots* ’n Nederlandse verklanking is wat „hakkelaar” of „stamelaar” beteken. Vandag word ’n ander afleiding ook waarskynlik geag, naamlik dat *bottentots* die Europeaan se weergawe is van ’n inboorlingwoord *hette bie* as ’n term in ’n offerandeseremonie, of *bautitou* wat in die Hottentotse dansliedere herhaaldelik voorgekom het en toe op die volk toegepas is (VRV XIV 71n). Die bybetekenis van stotteraar

het dan *later* ontwikkel en is nie die oorspronklike sin van die woord soos deur Dapper e.a. aangegee is nie¹⁾. Onregstreeks getuig dit darem hoe moeilik die Khoisan-taal vir die blankes geklink het.

Daarom wek dit geen bevreemding nie as die geskiedenis telkens weet te getuig hoe dit die Hottentotte is wat Nederlands („duyts”) aanleer. Herry, of King Herry, die leier van die armsalige Strandlopers, is dadelik as tolk aangewerf, want deurdag hy vroeër op 'n Engelse skip na die Ooste toe was, kon hy dié taal op 'n manier parlevink. Van Riebeeck het verder kort na sy landing vir Eva, Herry se 15- of 16-jarige niggie, aan huis geneem en omdat sy spoedig geleer het om „fray duyts” (*Dagverhaal* II 254) te praat, was sy dikwels as tolkin en inligtingsburo van groot nut. Doman (Dominee — omdat hy so saggeaard *gelyk* het! — ook Anthony genoem, II 417) het hulle op 'n skip na die Ooste geneem, en sy kennis van Nederlands o.a. in dié tyd opgedoen, het hom, wanneer dit hom gelief het om die blankes welgesind te wees, vir onderhandelinge in die veeruil waardevol gemaak. Klaas Das en 'n paar volksgenote het op Dasseneiland 'n tyd lank gebly en Nederlands daar geleer, ens.

Na mate die verkeer direkter en drukker geword het, het die Hottentotte al meer en meer met Nederlands vertrouwd geraak, by name diegene in die onmiddellike nabyheid van die Fort (Strandlopers en Kaapmanne). Van hulle berig Van Riebeeck op 15 Junie 1656 dat hulle Nederlands „al redelyck fray beginnen te leeren spreekken, insonderheyt de jonge kinderen; maar willen niet bij ons in huys inwonen . . .” (II 59); en op 20 Februarie 1657 vermeld hy, die verleë veehandelaar, dat die Hottentotte „al veel van de Duytsche tale cunnen verstaen ende spreekken, ja sommige wel soo veel, dat se voor 't

¹⁾ Naas hierdie verklaring van prof. J. du Plessis staan minstens nog 'n paar ander, soos dié van Hahn wat dit aflei van Hüttentüt, „to quack,” of van A. J. H. Goodwin wat meen dat hierin 'n stamnaam skuil, „die mense van *Olegno*” (vgl. *The S. A. Archaeological Bulletin*, Maart 1952, bl. 4).

vercopen ende leveren al genouchsaem vrij zijn . . .” (II 130).

Hoewel hulle sedert die koms van die slawe minder as huis- en werfbediendes in aanmerking gekom het, het die betrekkinge nogtans sterker geword en het die kennis wedersyds toegeneem, hoofsaaklik deurdat vee van die Hottentotte dieper die land in verhandel is en deurdat so kennis opgedoen is gedurende landreise soos dié van Van Meerhoff na die Namakwa in 1661. Aan Wagenaar kon Van Riebeeck in 1662 berig: die Strandlopers van Herry het Nederlands reeds so goed geken dat ’n mens nie in hulle bysyn iets moes bespreek wat hulle nie mog hoor nie; die meidjies, goed gekleed, was in diens van getroude Kapenaars; ook die Kaapmans, sonder vrouens en kinders ’n 300 sterk, kon Nederlands verstaan.

Dat die Hottentots van die duisende outogtone op die Nederlands van die klein klompie blankes nog weinig of haas geen invloed gehad het nie, is uit die geskiedenis reeds duidelik. Wel het sommige Hottentotse woorde al ingang gevind, soos *boegoe* en *dagga*; hulle aantal was egter heel gering. Daar moes ewenwel baie ander Hottentotse woorde in omloop gewees het, maar dan meer as geleentheidswoorde wat in ieder geval nie groot konkurrente geword het nie. Die *Dagverhaal* noem bv. *ossen off boebas* (I 113), die laaste die Hottentotse ekwiwalent van die eerste. Prof. Kloeke se vermoede oor *boebas* is seer seker ongegrond (*Herkomst* 302). Wreede gee vir osse ’n ander naam op, nl. *dwiessa* (LV XI 216), maar Ten Rhyne (aan die Kaap in 1673) vermeld vir „bos vel vacca” (os of koei) *boeba* (VRV XIV 154) en Kolbe (van 1705-1713 aan die Kaap) vir os *bubaa* (ib. 155). Interessant dat die Hottentotse woord onder blankes ’n Nederlandse meervoudsuitgang het, en wel op -s (dit kan nie die vroulike suffiks wees nie), sodat hierin moontlik nog ’n faktor vir sy uitbreiding skuilgaan. Daar was meer sulke oppervlakkige ontlenings (vgl. Ten Rhyne, t.a.p. 154). Wat aan die ander kant opval, is dat die sedert ongeveer 1750 so bekende Hottentotse woorde *kwagga* (’n klanknabootsende naam, WNT s.v.

quagga) en *sebra* nog geen toegang tot die Kaapse Nederlands gehad het nie. Die *Dagverhaal* omskryf *sebra* met (wilde) *muilesels* (III 543) en Dapper meld enigszins later (1668) *wilde paerden en muil-ezels* vir kwaggas en sebras onderskeidelik (VRV XIV 32). Dit is darem die vraag of ons in dié omskrywings met oorspronklike Nederlandse benaminge te doen het. Wm. Paterson (*A narrative of four journeys . . .* Londen, 1789, bl. 17) beroep hom op Pennant se groot werk oor die diere van die wêreld as hy sê dat die Portugese die sebra *Burro di Matta* genoem het, letterlik *wilde esel*, wat dit dan nie onwaarskynlik maak nie dat ons hier 'n leenvertaling het, en miskien ook in die geval van *wilde paerd*.

Die feit van belang is dat dit in die reël nie die blankes was wat Hottentots aangeleer het nie, maar wel die Hottentotte wat hulle gaan bedien het van die taal van die witmense. Selfs gewone stam- en persoonsname is verholands: die Goringhaikonas word *Strandlopers* of *Watermans*, die Goringhaikwa *Kaapmans*, die Gorachoukwa *Tabaksdiewe*, ens., en Demtaä word herdoop tot *Klaas Das*, Nommoä tot *Doman* (uit *Dominee*), Garabinga heet *Platneus*, Gogosoä die *Vette Kapiteyn*, Gonnema is die *Swart Kaptein* (hy het sy lyf graag met roet bestryk). Twee van Gogosoä se seuns kry eenvoudig Nederlandse persoonsname, Kuma word *Jan* en Otegnö *Pieter*.

Ons word nie ingelig hoe die krom-Nederlands van die taalgeleerde Hottentotte daar uitgesien het nie, maar dat dit invloed van belang op die kolonistetaal in hierdie tydvak gehad het, sal wel nie ernstig kan beweer word nie.

§23. *Aanraking met die Slawe.*

Op 31 Mei 1657 was daar aan die Kaap 10 slawe, van wie minstens 7 'n Polinesiese taal kon geken het (4 uit Batavia en 3 uit Madagaskar). Ag het aan Van Riebeeck behoort, insluitende drie slavinne uit Batavia, van wie die Hottentotmeidjie Eva waarskynlik haar kennis van Maleis-Portugees opgedoen het, volgens dr. Bosman meen. Dit is baie moontlik dat Van Riebeeck met sy

Oosterse slawe Maleis-Portugees gepraat het — hy was vroeër lank in die Ooste en het die taal blykbaar goed geken. In die *Dagverhaal* kom herhaaldelik Maleis en Portugese woorde voor, laasgenoemde in ooreenstemming met die betekenisgebruik in die Ooste: *baytjens*, *cadjang*, *goenysacken*, *kraal*, *mielie*, *moveer*, *negerij*, *orang lammen* ofte *thuysvaders*, *pady* (rys), *pega-pega* (omheining), *pienang*, *soubat*. Of hulle uit Nederlands van voor 1652 ge-erf of direk uit die Ooste oorgeplant is, ditsy deur Van Riebeeck en ander blankes wat in die Ooste was, ditsy deur die aanwesigheid van die paar Maleise slawe self, ditsy deur albei kragte, tesaam, is nie nou aan die orde nie en is buitendien nie altyd te bepaal nie. Party van die woorde het by ons uitgesterf, ander het in- en uitwendig veranderinge ondergaan. Dit blyk bv. dat *orang lammen* (as meervoud uit Laag-Maleis *orang lama datang*, 'n mens wat lank gelede gekom het, 'n persoon wat op hoogte van plaaslike toestande is) hier nog 'n s.nw. was; vandag is dit as *oorlams* 'n adjektief of adverbium met 'n uitgang -s, hoewel die gelyklopende adjektief of adverbium *baar* (uit *orang baroe datang*, 'n pas aangekomene, 'n nuweling of oningewyde) die slot-s nie meer soos vroeër het nie. Wat hier egter hoofsaak is, is dat die hoogstens 7 of 8 Maleissprekende slawe as taalfaktor bepaald geen rol van betekenis kon gespeel het nie (vgl. Godée Molsbergen: *Jan van Riebeeck*, bl. 102). Daarvoor was hulle getal en status te gering.

Ten opsigte van getalle sal daar egter spoedig 'n verandering kom. Aan Van Riebeeck is op sy vertoë toestemming verleen om slawe as arbeidskragte in te voer. In afwagting van hulle koms is 'n loods vir hulle huisvesting gebou en is deur Rijkloff van Goens op 16 April 1657 instruksies oor hulle behandeling aan die Kommandeur gegee. Punt 46 van die *Instructie* reël die taalgebruik en lui o.a. as volg: „Met de compste van de slaven sal UE. seer sorghvuldigh sijn geen Portugeese tael hier in te voeren, maer 't selve met alle middelen voorcomen, vooral met d' officieren een goet voorganger sijnde, alsoo hieraen veel gelegen leijd, ende sal UEd.

geen tael als ons moedertael tegens de slaven gebruijken, en niet gedogen dat se anders spreekken dat bij verloop van jaren gerustheijt sal connen geven."

Hierdie dekreet moet, soos dr. Bosman dit reeds verklaar het (*Ontstaan van Afrikaans*, 52) en soos die datum van uitreiking laat blyk (naamlik byna 'n volle jaar vóór die landing van die eerste klomp slawe), verstaan word as 'n *voorsorgsmaatreël* wat geneem moes word, maar die woorde „vooral met d' officieren een goet voorganger sijnde" kan 'n steek onder water wees, omdat Van Goens miskien opgemerk het dat Van Riebeeck met sy eie Oosterse slawe die Portugese mengtaal praat. Hierteen waarsku hy dan sydelings terwyl hy die Kompanjie se beleid wil vaslê.

In Maart 1658 kom 'n klomp negers uit Angola hier aan, op 7 Mei 1658 'n tweede groep, nou uit Guinea. Hierdie swart en sterk inboorlinge uit die binneland van Afrika is as slawe ingevoer. Op 31 Mei 1658 was daar teenoor die 166 blankes 187 slawe, 89 van hulle in diens van die koloniste, wat almal tesaam, mans, vrouens en kinders, 57 beloop het.

Van die begin af is daar met erns aan die kerstening en vernederlandsing van die slawe gewerk. Reeds in April 1658 is vir hulle 'n skool ingerig met die Kommandeur se swaer Pieter van der Stael, die sieketrooster, as onderwyser, iemand wat die veelseggende getuigskrif ontvang het dat hy „seer goet ende prompt in 't lesen (was) van recht Hollants Nederduijts" (*Molsbergen* 103), waarskynlik met die bygedagte dat vele ander alleen in staat sou wees om swak Hollands-Nederduits te kon onderwys. Die vlytige skoliere ontvang as beloning, „een croesjen brandewijn ende 2 duijm tabacq" (*ibid.*, 104). Hoe Thomas Keuken en Klaas Kelder, of Maria van Angola en Mieta van Guinea en die ander slawe in hulle taallesse gevorder het, word ons ongelukkig nie duidelik meegedeel nie, maar dr. Bosman voer aan dat die negerslawe uit die hart van Afrika seker geen gebroke Portugees geken het nie; immers, Van Riebeeck doen as volg aan Wagenaar, sy opvolger, verslag: „De

slaven leeren hier niet als duyts & oock de Hottentoots, sulcx hier geen ander tael gesproocken word, ende soo in ordre blijvend een fraaije saecke sal sijn, om Portugesen & andere altyt stom te doen staen voor dese natie & deselve daer door te min te cunnen verleijden etc." (*Ontstaan van Afrikaans* 53).

Dr. J. L. M. Franken vestig in *Die Huisgenoot* van 16 Mei 1930, bl. 63, die aandag op 'n staat van Van Riebeeck se dienspersoneel in 1659, 'n jaar na die aankoms van die Angoolse en Guinese negerslawe. Daaruit blyk dat die Kommandeur toe nog net die drie reedsgemelde Oosterse slawe besit het (Angelo, Domingo en Marij) uit 'n totaal van veertien, die ander elf negers, sodat daar sedert 1657 geen nuwe Maleissprekendes in sy huishouding bygekom het nie. Of die koloniste in die tyd uit Indië nuwe Oosterlinge bygekry het, word nie gesê nie, maar dit lyk onwaarskynlik.

Die slawe het dus klaarblyklik Nederlands van hulle base in die omgang geleer, net soos op skool, en verder Hottentots deur aanraking met daardie mense. Alleen dié twee tale word hier baie gepraat.

Wat van die Maleis en/of Maleis-Portugees van die enkele Oosterlinge? Om Wagenaar op die punt te wou mislei, kon geen sin hê nie, aangesien Van Riebeeck se opvolger tog gou agter die waarheid moes gekom het. Daarom moet dit waarskynlik so begryp word dat Maleis-Portugees se rol so heel gering was dat dit 'n uitsondering was om dit te hoor en daarom geen vermelding geregverdig het nie; daardie slawe het hulle vermoedelik met minstens krom-Nederlands genoegsaam kon behelp, en hulle eie taal en krom-Portugees het, ook al om die status daarvan as bediendetaal, op die agtergrond geraak.

§24. Samevatting.

Aan die Kaap was 'n samelewing wat, vergeleke met toestande in Nederland, betreklik ongekompliseerd was, behalwe miskien in die opeenhoping van verskeie kultuurvorme, insluitende taal, op 'n klein gebied. Verskeie

dialekte en groeptale het hier byvoorbeeld saangeval en 'n toestand van onderlinge spanning geskep. Die studie van dialektologie het alreeds ons insigte heelwat verdiep oor die kragtespel in geval van botsinge van twee of meer klankpatrone, vorme of woorde met eenderse funksies. Die stryd bring verandering mee in woordvoorraad, -gebruik en -betekenis, in klankgroepe en foneme, in buigings- en vervoegingsvorme, in afleidinge en samestellinge, konstruksies, reksiegroepe en sinsbou, in tempo, aksentuering, intonasie en lettergreepvorme, in spreekmelodieë en rompstande.

Om die grafiek van al die koorsmetings by die hewige „kindersiektes” van ons taal reeds in Van Riebeeck se tien jaar aan te gee, is met die huidige stand van ons kennis nog nie te doen nie. Die gegewens is te skaars en te indirek. Maar ons het probeer om op enige kragte te wys. Nie alleen was daar die probleem van 'n normsoeke by die dialektspreekers uit die Nederlandse stamland nie, maar ook die probleem van krompraters in verskeie grade het hom noodwendig voorgedoen, waarskynlik ewe goed by party nie-Nederlandse blankes as by die Hottentotte en die slawe. Wat ons met sekerheid kan aanneem, is dat die proses van normalisering in die rigting van afwysing van uiterstes en van vereenvoudiging of verenkeltvoudiging by die origes hom van die begin af moes laat geld het, terwyl die behoudende kragte vereers die oorhand het en Van Riebeeck, die amptenare en vryburgers 'n Nederlands gepraat het wat in karakter en struktuur nog wesensgetrou gebly het.